**kabeljou**: viss. (*Johnius hololepidotus*, fam. *Sciaenidae* — WAT); die Ndl. *kabeljauw* (Mnl. *cabelliau/cabeljau/cablau*) is *Gadus morrhua*, fam. *Gadidae*, terwyl ons *kabeljou* beantw. aan die Ndl. *ombervis* (*Sciaena aquila*, fam. *Sciaenidae* — Scho PD 10); reeds 12e eeu Ll. vorm *cabellauwus*, wu. wsk. via Ndl. of Ned. in Hd. *kabeljau/kabliau*, Fr. *cabillaud/cabliau* en Eng. *cabilliau/cabeliau*; Bask. *bakallao* wsk. via Sp. (vgl. dVri J NEW); i.s. ander name v. WAT, en Eng. name in S.A. in Bul 2, 137.

**kabera** v. **ghabera**.

**kaberta** v. **ghaberta**.

**kabie**: (dial. v.) “reën, motreën”; Hott. *awi* by Cam, Na. */awi-b*, “reën” (Nien HOTT s.v. *reën* VI en WAT s.v. *kabie*<sup>2</sup>).

**kabietjie**: — *ka-/kebeetje/-bietjie* — , pln. (*Duvalia reclinata*, fam. *Asclepiadaceae*); wsk. Hott.; Mar (125) het *Hotnot's-toontje* v. *spp. Duvalia* en *Hotnot's-toontjes* v. *spp. Stapelia*, albei fam. *Asclepiadaceae*, maar is hulle dies. as *kabietjie*? (vgl. WAT s.v. *kabietjie*); Watt-BB 1443 noem by *Stapelia gigantea* as volksn. o.a. *haasoor*, en dit laat d. vraag rys of *haasoor* (ben. n.a.v. blad= vorm) en *kabietjie* misk. verb. hou m. Na. *//gawe*, “mit abste= henden ohren” (Rust); v. ook *aasblom*, *bokhorinkie*, *duikers= horing*, *horinkies*, *slang-ngaap*, *uilkos*.

**kaboedel:** — *kaboel* —, “menigte, spul”; Ndl. *kaboel* (Mnl. *caboel*, by Kil *kaboel* as Vl. en veroud.); die vorm *kaboedel* (onder invl. v. Am.-Eng. “sleg” *caboodle?* en lg. weer òf uit Ndl. *kaboel* òf uit *kit and boodle?*) blb. nie in Ndl. nie en nie in Afr. v. *kaboel* ondersk. nie, wel, soos in Ndl., tussen *boedel* en *boel*, waarmee verb. nie uitgesluit is nie, terwyl verb. m. **kabaal** (q.v.) deur sommige aanvaar word; vgl. ook **ka-** (hierbo), Ndl.-Afr. *boel* en Eng. *boodle*.

**kaboela:** (dial. v.) “soort sandaal uit ou motorbuitebande” (WAT meen dit is Zu.), wsk. Swaz. *in-kcabula* (vgl. **rampetsjanie**).

**kaboe(mieli)s:** (v. ook **ghaboe** I en **ghoeboe** II, “ongestamp ge=kookte droë mieliepitte” (ook ander graankorrels soos kaffer=koring, ens.); Pet A se afl. uit Xh. *i-qubu*, “hoop ongewande kafferkoring” (vgl. Zu. *i(li)-qubu*, “swelling”) bevredig minder as So. *di-kgôbê* en Ngu. *i(zi)n-k(h)obe/u(lu)-khobe*, “gekookte mielie-of kafferkoringpitte” (Doke-Vil 395); by ausl. *-oe* kon byg. aan wd. soos *qubu* mntl. ’n rol gespeel het.

**kaboos:** “personeelwa b. d. spoorweë”; Am.-Eng. *caboose* (ouer *camboose*) uit Ndl. *kombuis* i. d. seemt. (WAT s.v. **kaboos**<sup>2</sup>).

**kabouter:** “aard- of huisgees” (WAT); Ndl. *kabouter* (Mnl. *co(u)=hout/cobbout*, by Kil *kaboutermanneken*, WVl. *klaboutermannetje*, Fri. *k(l)abouter*, OFri. *kabauter*), Hd. *kobold*; verder draai die bet. om “goedgesinde huisgees” of “kwaadaardige klopgees” — blb. hoort dié naam tuis by die Germ. volksgeloof.

**kadel** v. **katel**.

**kader:** “lys, raamwerk”; (militêre) “kernorganisasie”; Ndl. (eers Nnl.) *kader*, soos Hd. *kader* en Eng. *cadre* uit Fr. *cadre*, “raam”, uit Lat. *quadrum*, “vierkant” (v. verder WAT).

**kadet:** “seun wat militêre opleiding op skool kry” (WAT); Ndl. *cadet/kadet* (blb. sedert 16e eeu) uit Fr. *cadet* (Gas. *capdet*) uit Ll. *capitellum*, dim. v. Lat. *caput*, “hoof” (eint. “*offisiertjie*”).

**kadjang I:** “boomblaarmat v. Oosterse boom” (*spp. Pandanus*, fam. *Pandanaceae*); Ndl. *kadjang*, soos Eng. *cadjan/cajan(g)*, uit Mal. *kadjang/kajan*, te ondersk. v. **katjang** (q.v.).

**kadjang II** v. **katjang**.

**kadot:** gew. dim. *kadotjie*, “hoedjie” (WAT); v. **ka-** (hierbo) en **dot**.

**kadriel:** “dans in groepe v. 4 (2 pare)”; Ndl., Eng. en Fr. *quadrille*, Sp. *cuadrilla*, “viergroep”, hou verb. m. Lat. *quadra/quadrum*, “vierkant” (vgl. **kader**); vir oorg. *qu/kw* tot *k* vgl. **antikiteit**, **likied**, **sonkieltjie**.

**kaduks:** “kapot, vervalle, siekerig” (WAT), met Afr. slot-*s*, soos in *rats*; Ndl. (sedert 16e eeu) *caduc/kaduuk* uit Fr. *caduc*, wat verb. hou m. Lat. *cadere*, “val”.

+**kadyk:** “ligte dyk; grondwal” (om water af te keer); Ndl. *kadijk* (Mnl. *cadijck/caeydijck*, by Kil *kaedijck/kaeydijck*, by vRieb *ka=dijkjen*), ss. v. **kaai** I en *dyk* (nie in WAT nie).

**kaf** I: “strooi”; (fig.) “onsin” (vgl. **snert**, **twak**, ens.); Ndl. *kaf* (Mnl. *caf*), Hd. *kaff*, Eng. *chaff*, blb. uit Noordseegebied en verw. buite Germ. onseker (WAT s.v. **kaf**<sup>1</sup>).

**kaf** II: “buiteblad; stofomslag” (v. boek); Ndl. *kaft* (nog nie by Kil nie, wel in dial. en ou vorme as *kaffetorie/kappetorie/kapitorie/koffertorie*; in Lmnl. as *copertorie*, “omslag”) uit Lat. *cooper=torium*, “bedeksel”, verb. m. ww. *co-operio*, “geheel bedek” (WAT s.v. **kaf**<sup>2</sup>).

**Kaffer:** vroeër alg. ben. v. lid v. d. Bantoes in S.A., in S.A. Eng. *Caffre/Kaf(f)ir* meer bep. v. d. Xhosa (vgl. verder WAT); Ndl. en Hd. *Kaffer*, Fr. *Cafre* (vir ander spelv. in Eur. tale v. WNT VII 861 en Lok s.v. *kāfir*) uit Arab. *kāfir*, “ongelowige”, d.w.s. “Nie-Mohammedaan” (maar vroeër in Ndl. ook ander bet.), tans v. d. Bantoe aanstootlik vanweë byg. a. ww. *khafula*, “spuug”, ’n teken v. veragting en derhalwe ’n skelw.

**kafferalmanak:** pln. (*spp. Haemanthus*, fam. *Amaryllidaceae*), ook bek. as *bloedblom* vanweë kleur, en e.g. naam vanweë feit dat die blomtyd daarvan v. d. Kaffers die teken was v. d. saaityd (WAT).

**kafferbaai** v. **lepaai**.

**kafferblits:** 1. “goedkoop st. brandewyn”; 2. “goedkoop lekker=goed”, vroeër vanweë lae prys gewild onder die Bantoe (WAT).

**kafferboom:** pln. (*spp. Erythrina*, fam. *Leguminosae*), reeds voor die end v. d. 18e eeu so genoem, omdat dit veral in die naturellegebiede voorkom en in versk. opsigte in die naturellewe ’n belangrike rol speel (WAT).

**kafferkanerskaap:** kontamv. v. *kafferskaap* en *afrikanerskaap* (WAT en v. **afrikaner** I), alleen dial. bek.

**kafferkers(ie):** (dial. v.) “wildemispel”, ook bek. as **opgeitjies** (q.v.) en wel *spp. Gardenia*, fam. *Rubiaceae* (WAT en Mar 129).

**kafferkoring:** pln. (*spp. Sorghum*, fam. *Gramineae*), reeds 2e helfte v. d. 18e eeu (en wsk. al vroeër, vgl. Bosh VT 306) onder dié naam bek. (Scho PD 66 en WAT).

**kaffer(s)kuil** v. kul II.

**kafferlemoen** v. goeloe-goeloe.

**kaffermanna** v. babala(gras).

**Kafferstat**: “huttekraal v. ’n gesins- of stamgroep v. d. Bantoe” (WAT).

**kafferwaatlemoen**: — *kafferwart*-/*waterlemoen* — , vrug- en pln. (*Colocynthis citrullus*/*Citrullus vulgaris*, fam. *Cucurbitaceae*), vroeër veral deur die Bantoe gekweek (WAT); v. ook **tsamma**, **wildewaatlemoen**.

**kafferysterhout** v. oemsimbeet.

**kaffrikanerbees**: (dial.) kontamv. v. *kafferbees* en *Afrikanerbees* (v. **Afrikaner** II en **kafferkanerskaap**); vgl. verder WAT.

**kaggelpyp** v. keil II.

**kaia**: vir die Bantoe “tuiste”, Ngu. *i-khaya* (dikw. in die lok. *e-khaya*, “tuis”); vir blankes “minderwaardige pondok” en skertsend “woonplek” (WAT).

**kaiappel** v. kaaiappel.

**kaing**: dikw. mv. “uitgebraaide stukkie vet”, wsk. deur seemt. hier in gebr. gekom; Ndl. *kaan/kade*/(soms) *ka* (Mnl. *cade/caen*, by Kil *kaede/kaen/kaeye(n)*, dial. Ndl. *kaai/kooi/kô*) — Afr. vorm wsk. met velg. v. uitg. uit mv. *kaaien* (WAT s.v. **kaing**<sup>1</sup> en dVri J NEW s.v. **kaan** I); herk. v. d. Ndl. wd. onbek.

**kaingpeper**: (dial. en volkset. v.) *cayennepeper* (WAT) na plekn. Cayenne (in Fr. Guiana).

**kajaat** v. kiaat.

**kajak**: bep. soort kano; via Ndl. *kajak* of via Eng. *cayak/kajak/kayak/kyak* uit dial. Esk. (Groenland) *qajag*; vgl. verder WAT.

**kajakker** v. kejakker.

**kajanghorrie** v. katjanggoreng.

**kajapoet(olie)**: — *katjiepoetjie(olie)* — ; Ndl. (sedert 17e eeu) *kaja-poetih*-/*kajapoet(olie)*, Eng. *caja*-/*caje*-/*cajuput(oil)*, olie uit booms. (*Melaleuca cajaputi*/*M. leucadendron*, fam. *Myrtaceae*) uit Mal. *kajoe*, “hout” (v. **kiaat**) en *poetih*, “wit”, dus “withoutboomolie”; vgl. verder WAT.

**kak** v. **kakka**.

**kakap** v. **kaalkop** II.

**kakebeenwa**: outydse wa(entjie) waarvan d. profiel na 'n dier se kakebeen lyk (vWiel 111), beskrywing by Spo B<sup>1</sup> 74–81.

**kakejaan**: — *kakejane/kakke(r)jaan/-jan(e)* — , soort wildekommertjie (vWiel 74); vlg. WAT So. sonder meer; hou dit misk. volkset. verb. m. 'n dim. vorm. v. **makataan** (q.v.) uit So. *le-katana/-katane*, “kürbisart” (End)? v. Mar (130) s.v. *Cucumis africanus*, fam. *Cucurbitaceae*.

**kakie**: “kleurnaam; Eng. soldaat” (in Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) vanweë kleur van sy uniform), vgl. WAT; Ndl. en Eng. *khaki*, uit Hind. *khākī*, “stofkleurig”, Pers. *hāk*, “stof”.

**kakiebos**: ben. v. versk. plante (*Inula graveolens* en *Tagetes minuta*, albei fam. *Compositae*, asook *Alternanthera achyrantha*, fam. *Amarantaceae* (e.a.), so genoem, omdat bossies van dié aard gedurende die oorlog (1899–1902) deur die voer vir die perde v. d. kakies ingevoer is (WAT).

**kakievrug** v. **persimmon**.

**kakka**: ww. en s.nw. (dim. *akkies*) = *kak*, wsk. via kindtv. *kakka* uit Ndl. ww. *kakken* uit Lat. *cacare*, misk. deur geneesk. ingevoer ter vervanging v. platter wd. en reeds in Mnl. *cacken* (vgl. Hd. *kacken*, Fri. *kakke*, Eng. *cack*), die vorm *kakka* is eufem. verder gekamofleer tot *akka* tot *a-a* tot *a* en kom ook in Ndl. en Pd. dial. voor (v. Mole, tLa NGW en tDK), vgl. verder Malh DF (AS 147–8) en WAT s.v. **kak** en **kakka**.

**kakkerlak**: — *kokkerot* (volkset., vgl. **kokkewiet** II, of invl. v. Eng.?) — , versk. soorte insekte (veral *spp. Blatta* en *spp. Periplaneta*, albei fam. *Blattidae*); ook skelw. (WAT — soos o.a. *geitjie*, *gogga*, *tor*, *wurm* en/of byg. aan *kak*?); Ndl. *kakkerlak* (sedert end 17e eeu, maar wsk. ouer, omdat Ned. reeds sedert begin 16e eeu *kakerlack* ken), Hd. *kakerlak* en Fr. *cakerla/cancrelas/cancrelat/kakerlat* wsk. via Ndl., terwyl Eng. *kak(k)erlak* (2e helfte 18e eeu) verdring is deur veroud. *kakeroch* en nou *cockroach* het, almal gaan terug òf op Port. (vroëer) *cacalacca*, (tans) *carabo/carocha*, wsk. v. Wes-Ind. herk., òf op Sp. *cucaracha*, maar oorspr. v. sowel Port. as v. Sp. wd. onseker. In Ndl., Hd. en Fr. later toeg. op “albino” (wat soos insek ligsku is) en ook as skelw. gebr.

? **kakoenie**: vlg. vWiel 165 terg- en vermaakw. by (blb. veral kinders v. d.) Bantoe in Transvaal; herk. onbek.

**kala-azar**: “besmetlike tropiese siekte” (WAT); wsk. via Eng. *kala azar* uit Hind. *kālā-āzār*, “swartsiekte” (Hind. *kālā*, “swart”, Pers. *āzār*, “siekte”).

**kalabarboon(tjie)**: giftige boon(tjie) v. d. slingerplant (*Physostigma venenosum*, fam. *Leguminosae*), so genoem na d. Kalabarkus (Wes-Afrika) van waar herkomstig (WAT).

**kaladie(blaar)**: pln. (*Colocasia esculenta*, fam. *Araceae*, v. WAT waar ww. vermeld), vlg. vWiel (142) *kanarieblaar* (wsk. volkset.), Mar het (155) *kalaliblad* en sê: “probably corrupted from *Cala= dium* or *Colocasia*”, blb. ’n Ll. bot. term uit Mal. *ka-/kelādi*, “plant m. eetbare knol”, terwyl Mar t.a.p. verklaar: “rootstock used for feeding pigs”.

**kalamyn v. galmci**.

**kalander I**: soorte kewertjies (*spp. Calandra*, fam. *Curculionidae*), genoem na hulle gesln. *Calandra*, soos Ndl. *kalander* en Eng. *calandra* uit 15e-eeuse Fr. *calandre* (Fr. *charançon*, “koringwurm”), v. WAT s.v. **kalander**<sup>1</sup>.

**kalander II**: bep. masjien (bv. by mangel- en weefwerk in tekstiel=bedryf — WAT s.v. **kalander**<sup>2</sup>); Ndl. *kalander*, soos Eng. *calender*, uit Fr. *calandre* uit Prov. *calandra* uit Ll. *colindru* uit Gr. *kulindros*, “silinder”.

**kalander III**: ook bek. as *bastergeelhout*, *outeniekwa*(geelhout) en *outeniekwalander*, pln. (*Podocarpus falcatus*, fam. *Taxaceae*), vlg. WAT s.v. **kalander**<sup>3</sup> uit (*outenie*)*kwalander*.

**kalant**: “slimmerd; skelm”, in Afr. doeb. v. *klant*, terwyl *kalant* en *klant* in Ndl. ww. in gunstige en ongunstige bet. is, maar Afr. ondersk. min of meer soos Ndl. tussen *klant* en *kliënt* (WAT s.v. **kalant**) — die vorme *kalant/klant* uit NFr. *caland/chaland* en *kliënt* uit Fr. *client* uit Lat. *cliens* (gen. *clientis*), “kliënt; af=hanklike; volgeling”.

**kalbas**: by Trig as *kalbas* (1Ro T DLT 244 s.v. **komplot**), by vRieb as *kalbassen* en as *calbassen*, vrug- en pln., vlg. Mar (44–5) is die mak soort veral *Lagenaria vulgaris*, fam. *Cucurbitaceae*, en die wilde soort *Hibiscus urens*, fam. *Malvaceae* (118), vgl. verder WAT; Ndl. *kal(a)-/kalebas* (sedert Kil), soos Eng. *calabash*, uit Fr. *calebasse* of uit Sp. *calabaza*, misk. uit Pers. *kharbuz*, “waatlemoen”.

**kalbasbredie**: “groentemoes v. kalbas gemaak”; **kalbas** (q.v.) reeds by vRieb (middel 17e eeu) en by Trig (eerste helfte 19e eeu) en *kalbasbredie* (v. **bredie**) by Lic (Scho TWK/NR 7, 2, p. 4) in vorm *kalebassbreedi* (18e eeu).

**kalbassies:** dim. mv., “swelling v. een of albei v. d. *testiculi*”, gew. beskou as ’n verdere stadium v. **pampoentjies** (q.v.), vgl. WAT s.v. **kalbassie**.

**kalender I:** “almanak” (WAT); Ndl. *kalender* vervang na Kil uit Hd. *kalender* Mnl. en Kil se *calendier* uit Ofr. *calendrier* uit Lat. *calendarium*, “skuldregister”, omdat rentes en skulde op die eerste v. d. maand (die Romeinse *calendae/kalendae*) verreken moes word, so ook Hd. *kalender* en Eng. *calendar*, tans in ’n mate intern.

+**kalender II:** “bedelderwisj” (nie in WAT nie); Ndl. *kalender*, Hd. *kalender/kalenter*, Eng. *calender*, Fr. *calender*, uit Pers. *käländär*, “Moh. monnik”; “bedelderwisj” (ook weergegee as *qalandar*, v. NED, Web en dVri J NEW).

**kalfakter:** “faktotum, handlanger; flikflooiër, knoeier” (WAT); Ndl. *kalfakter/kal(l)efakter*, blb. later as Eng. *calefactor* (begin 17e eeu), Hd. *calfactor/kalfakter* uit Lat. *calefactor*, “pers. (gew. ’n seun) wat vuur moet stook”; by Boniface as eien. Kalfachter (Frank TB 197, no. 52, 205 no. 52, maar dit blb. ’n woordspeling en bedoel as Kalf-achter, v. Bosm NR/T 97 (23)).

**kalfater:** ww., “die voeë tussen planke v. skepe m. pik stop”, Trig gebr. *kalvater(e)n* i.v.m. waens (1Ro T DLT 242); Ndl. *kal(e)=faten/kal(e)fateren* (blb. sedert 16e eeu, ook by Kil), Eng. het (sedert 1600) die veroud. *calfret* (uit Fr. *calfreter*?) later deur die (sedert 1500) bek. *caulk* vervang, maar *dit* hou verb. m. Lat. *calcare*, “pers, trap”; die Ndl. vorm gaan, soos Fr. *calfater*, Port. *calafater*, It. *calafatare* en Sp. *calfatear*, terug op Arab. *kalafajqalafa*, wsk. ’n afl. uit Arab. *kafr*, “asfalt, teer”; vgl. verder WAT; meermale by vRieb o.a. as *calfaten* en as *calfatinge*.

**kalfsoog:** eier sonder dop in kookwater gaargemaak (ook Ndl.), vgl. **posjeer**.

**kalie:** (dial. — Kaapse Maleiers — v.) “rivier” en “met halfmas=broek loop” in uitdr.: *deur d. kalie loop*; Jav. en Mal. *kalie*, “rivier” (WAT s.v. **kali**<sup>2</sup>).

**kalief:** “Moh. owerheidspers.” (WAT); Ndl. (sedert 16e eeu) *kalief*, Hd. *kalif*, Eng. *caliph*, Fr. *calife*, Port. en Sp. *califa*, It. *califfo*, uit Arab. *chalifa/halifa*, “opvolger, plaasvervanger” (van Mo=ammed).

**kalkoen I:** bep. voëls. (veral *spp. Meleagris*, fam. *Meleagridae/Phasianidae*, vgl. WAT s.v. **kalkoen**<sup>1</sup>); Ndl. *kalkoen* (sedert 16e eeu en Kil ’n verk. v. *kal-/kale-/kalikoets(ch)e/-koens(ch)e haan*, na Calicoet aan die Malabarkus, hoewel dié voëls. v. Am. af in

Eur. ingevoer is, maar vgl. Fr. *coq d'Inde/dindon* (ml.) en *poule d'Inde/dinde* (vr.), asook Eng. *turkey*), so Hd. *kalekut* (uit *kale-kutischer hahn* (vgl. dVri J NEW); by vRieb *calcoenen*.

+**kalkoen II**: “omgebuigde deel v. hoefyster” (om uitgly te voorkom); Ndl. *kalkoen* (Mnl. *calcoen*, “hoef, ysterhaak”, uit Pik. *calkain* (Ofr. *chalchain*, “haak”, ’n afl. v. Ofr. *chaucier*, “trap”, uit Lat. *calcare*, “pers, trap”, vgl. s.v. *kalfater* en WAT s.v. *kalkoen*<sup>2</sup>).

**kalkoentjie I**: bep. soorte voëltjies (veral *spp. Macronyx*, fam. *Motacillidae*), al in die 18e eeu in S.A. so genoem, wsk. na die kleur v. sy keel (Scho PD 63-4); vgl. verder WAT **kalkoentjie**, asook Frank TB 142, no. 15).

**kalkoentjie II**: blom- en pln. (*spp. Gladiolus*, fam. *Iridaceae*), reeds in die 18e-19e eeu so genoem in S.A., wsk. na sy rooi blomme (Scho PD 92 en WAT s.v. **kalkoentjie**).

**kalleghoenie/kalliekoenie v. kannie-koenie**.

**kalmoes**: pln. (*Acorus calamus*, fam. *Araceae*, vgl. WAT); Ndl. (na Kil) *kalmoes* (volkset. na vb. v. *moes*) uit *kalmus* uit Lat. wetensk. ben. *calamus*, “riet”.

**kalmyn v. galmei**.

**kalong I**: groot vrugtevlermuis (*Pteropus vampyrus*, fam. *Pteropidae*); vlgs. WAT s.v. **kalong**<sup>1</sup> uit Jav. sonder meer, wsk. Mal. *keloeng*, “groot vlermuis, vlieënde hond”.

? **kalong II**: pln. (*spp. Stapelia*, fam. *Asclepiadaceae*), by WAT met verwysing na **ghaap**<sup>1</sup>, d., maar by geeneen v. d. twee ’n aanduiding van herk. nie, wat onseker bly; herinner dit misk. aan **kalong I**?

**kalossie**: — *kalos/galossie/kalotjie/klossie* — , pln. (*spp. Ixia*, fam. *Iridaceae*; *spp. Lachenalia*, fam. *Liliaceae* en *sp. Sparaxis*, fam. *Iridaceae*), (WAT s.v. **kalossie**), naam misk. nie oud nie, nie by Scho PD nie; mntl. was Mans met sy *kalotjies*, “priestermutsje”, wat hy vgl. m. *moederkappi*, Mar (143) se *moederkappie* (*Disperis capensis*) en *mammakappie* (*Pterygodium catholicum*), albei fam. *Orchidaceae*, op die regte spoor, maar dit lyk of ons die spoor byster raak wanneer ons hierdie name wil vgl. m. Paq se *kalotboom* (*Rhus cotinus*, fam. *Anacardiaceae*) wat in Vl. ook *pruikenboom*, in Hd. *perrückenbaum* en in Fr. *arbre à perruques* heet, andersyds is oordrag v. name by diere en plante gew. en is verb. m. **kalotjie** (q.v. en vgl. ook Elf-Vil) nie uitgesluit nie.

**kalotjie**: aand- en rookmussie (veral v. ou manne); pruikmussie; priestertermussie; Ndl. (na Kil) *kalot(je)*, Hd. *kalotte*, Eng. en Fr.

*calotte*, dim. v. *cale*, “mus”, hou ook verb. m. Eng. *caul* (die sg. “helm” waarmee sommige mense na bewering gebore word); vgl. verder WAT s.v. *kalot*; verdere verw. m. Gr. *kaluptra*, “mus”, en m. Arab. *kallawta*, “beret”, is mntl.

**kalwerkop** v. **geelvis**, **moggel**.

**kalwers**: in verbg. *kalwers inspan*, deur volksverbeelding uitgebrei tot *jongosse inspan*; albei in bet. “braak, vomeer”; Ndl. *kalveren* naas *kalven* (reeds by Kil in bet. “braecken”), so ook in Hd. *kalben* en Eng. *calve* (WNT VII 1032, 1035); Malh DF AS 33, 37, 58 het blb. aan die lawaai by kalwerinspanning op 'n Afr. boereplaas gedink.

**kam I**: toiletartikel en dgl. voorwerpe; Ndl. *kam* (Mnl. *cam*, dial. *camp/camp*), Hd. *kamm*, Eng. *comb*, hou wsk. verb. m. Gr. *gomphos*, “spyker”, en m. Oind. *jambha-*, “tand”; vgl. verder WAT s.v. **kam**<sup>1</sup>.

**kam II**: wv. by WAT s.v. **kam**<sup>3</sup>, in hierdie werk o.a. **gham II**, (dial. v.) “vasklou”; wsk. Hott., maar geen ou leidrade in Nien se HOTT onder lemmas *hou, klou, neem, tel op, vang, vat* nie, wsk. egter verb. m. Na. //*kam*, “etwas festhalten oder festkneifen” (Kroen).

**kama I**: (dial. v.) soort looibos uit die Karoo, vlgs. Pet A *kama* genoem (Orde *Ficoideae*, d.w.s. *Aizoaceae*, vlgs. WAT *Cryophytum/Mesembryanthemum crystallinum*) wat hy in verb. bring m. Na. //*ame-b*, deur Kroen omskrywe as “eine baumart (zu buchu verwendet), mit deren rinde felle gegerbt werden”; vgl. verder WAT s.v. **kama**<sup>1</sup>.

**kama II**: “hartbees”, vlgs. WAT (s.v. **kama**<sup>2</sup>) meer bep. “rooihartbees”; wilds. (*Alcelaphus buselaphus*, vroeër *A. caama*), vroeë dokg. (voor end 17e eeu) maak ontl. aan Hott. (vgl. Na. //*kama-b*) seker (Nien HOTT s.v. *hartebees*), hoewel dit in Bant. en Boes. voorkom (vorme by WAT t.a.p.), vgl. ook **kaambessie** hierbo.

**kamadoelas** v. **gramadoelas**.

**kama-/kameko(e)** v. **kamko**.

**kama-/kamero(e)** v. **kambro**.

**kamas**: gew. mv. *kamaste*, “beenbekleding”; nie in WNT nie, wel *camachedienst* by vDal, Hd. *gamasche/kamasche*, Fr. *gamache*, Sp. *guadamaci* (Bosh VT 149), NED bring Eng. *gamash* in verb. m. Arab. *ghadāmasī*, “from the name of Ghadamas in Tripoli, where a highly esteemed kind of leather was made” (reeds 16e eeu in Eng.) — die wd. het ons wsk. in die 17e-18e eeu deur Duitse soldate en/of matrose bereik; vgl. verder WAT.

**kamassie v. kamassie.**

**kamba I:** “erde-/kleipot” (WAT s.v. **kamba**<sup>1</sup>); vlg. WAT is dit Zu. sonder meer — eint. Ngu., nl. Zu. *isi-khamba/u(lu)-khamba/um-khamba*, almal “pot” (Doke-Vil 377) en Xh. *u-kamba*, “pot”.

**kamba II:** pln. (*Acacia sieberiana*, fam. *Leguminosae*, vlg. WAT s.v. **kamba**<sup>3</sup>); vlg. WAT is dit Zu. *unkhamba*, maar vlg. Doke-Vil (377) is dit *Acacia lasiopetala* en *A. xanthophloea* en Zu. *um-khamba*.

**kamba-/kambero(e) v. kambro.**

**kambessie v. kaambessie.**

**kambro:** — *kamba-/kambero(e)/kambro(e)/kammaro(e)* — , pln. (hoofs. *spp. Fockea* en verw. *spp.* v. d. fam. *Asclepiadaceae*, asook blb. nie-verw. *spp.* by WAT s.v. **kambro**); ou ontl. (voor end 17e eeu) en Hott., vlg. Nien (HOTT s.v. **kambro I en II**) is *kam-* wsk. uit Hott. *kama-/kamma-* (vgl. Na. //gami-), “water” — die knolle of wortelstok v. versk. soorte is eetbaar en die sap v. enkeles word in droogtetye gedrink — en Nien (t.a.p.) meen dat *-bro* mntl. die dim. uitg. *-ro* is met ’n oorgangskl. *b* tussen *m* en *r*, maar erken dat Hott. die klankverbg. *br* afwys en dat dit “eers na 1800 te voorskyn kom”. Daarmee kom die vraag op v. die mntl. verb. m. **baro/baroe** (veral *spp. Cyphia*, fam. *Campanulaceae*) wat as selfst. wd. net so vroeg as *kambro* aan Hott. ontl. is (Nien HOTT s.v. **baro(e) I en II** — die paar *Cyphias* by Mar (130) het name sonder *kam-*, die *Fockeas* (125) daarenteë name met en sonder *kam-*, terwyl Mar (9) self die twee groepe m. mekaar in verb. bring, soos vroeg al, selfs deur ’n kenner soos Thun wat bep. *Cyphias* by *Lobelias* ingedeel het — die antw. moet misk. gesoek word in dial. versk. in Hott. en verwarring by blankes (v. Scho PD 46–7).

**kamdeboo(stinkhout):** eerste lid hou wel verb. m. plekn. Kamdeboo en Pet (SAPN 30) kan gelyk hê m. afl. uit Hott. *kam-* (Na *!am*, Kor. *!kx’am* of *!kam*, “groen”), maar sy */gawi-b*, “hoogte”, is onoortuigend as verkl. v. *-deboo*, waarvoor tot nog toe geen verkl. gevind is nie (vgl. ook Scho PD 92, en veral Nien HOTT s.v. **groen**).

**kamee:** edelgesteente, ens., in reliëf bewerk (WAT); Ndl. (blb. eers 18e eeu) *camee/kamee* uit Fr. *camée/camaïeu*, soos Eng. *cameo*, It. *cam(m)eo* en Sp. *camafeo* uit Ll. *cammaeus*, waarvan herk. hoërop onbek.

**kameel:** — *kameelperd* — ; sedert 1663 (Scho PD 36 en Kloe HGA 329) word ’n *giraf* (*Giraffa/Camelopardalis giraffa*, v. **giraf** hierbo en **kameel** by WAT) in S.A. ’n *kameel* genoem (en in naam ve-eenselwig m. d. eenbultige *Camelus dromedarius* v. Arabië en m. d. tweebultige *Camelus bactrianus* v. Asië), maar dit was wsk.

ten dele die gevolg v. 'n verkorting v. sy Ndl. naam *kameelpardel/ kameelpaard* (wu. sy Afr. naam *kameelperd* oorgeërf is); hy is nie 'n kameel nie en net so min as 'n *luiperd* 'n perd, maar sy bou het aan 'n kameel en sy vlekke aan 'n panter laat dink en aan hom die naam *kameelpanter* besorg, in Lat. *camelopardus* en in Gr. *kamelopardalis*.

**kameeldoringboom:** pln. (*Acacia giraffae*, fam. *Leguminosae*), so genoem na die kamele wat die blare aan die toppe daarvan gevreet het (Bosh VT 303, Scho PD 69 en WAT).

**kameleon:** “verkleurmannelietjie, trapsoetjies/trapsuutjies” (*spp. Chameleon*, fam. *Lacertidae*); Ndl. *kameleon* (Mnl. *cameleon/gama-leon*), soos Eng. *chameleon*, uit Fr. *cameleon* uit Lat. *chamaeleon* uit Gr. *χamaileōn* (uit Gr. *χamai*, “op d. grond”, d.w.s. “klein”, + *leōn*, “leu”, dus “grondleutjie”).

**kamerdoek:** bep. linneweefstof uit Kameryk (Fr. Cambrai); Ndl. (sedert 16e eeu) *kamerdoek* uit *kamers(ch)/kamerijks(ch) doek* (vgl. ontw. by **kalkoen**), uit Ndl. wsk. ook Hd. *kammertuch* en uit (veroud.) Fr. *cambrai* weer Eng. *cambric*.

**kamero(e)/kameroep** v. **kambro** (asook dié vorme by WAT).

**kamko:** as *kamko* beskou moet word as = **ko** (q.v.) en ook as = **kambro** (q.v.) — vgl. Scho PD 46–7, en WAT s.v. **kamako** en **kamko**, dan sou dit misk. daarvoor pleit om lg. ook so te beskou, d.w.s. as 'n ss. van *kam-* en 'n selfst. lid *baro(e)* en nie as 'n afl. v. *kam-* m. 'n dim. uitg. *-ro* nie, en dan is *kamako/kamko/ko* vorme sonder die element *-ro*, maar hulle hoef nie terug te gaan op Thun se *kameka* nie, want in die 17e eeu is daar al 'n vorm sonder *-ro* gedok. (Nien HOTT s.v. **kambro** I).

? + **kamkoe:** aangenaam, na d. smaak (by vWiel 156); Na. *coe*, “schmecken” (Rust).

**kamma:** “kwansuis”, alg. gebr., frekw. en reeks ss. en afl. dui op vroeë ontl. en wel uit Hott.; Mans (KHI s.v. *kammalielies*, *kamte*, *kasta/kastag*) se afl. v. Hott. *kamma*, “op las/in naam van” (wsk. Na. *gama* bedoel) kan nòg bet. nòg alle vorme verkl., dan eerder aansl. by Na. *khama*, “soos”, wu. mntl. Hott. *kam(m)a-* of *khama-χase* en Afr. *kammakastig* en daaruit geabstr. *kasta(g)/kastig*, met uitbr. tot *kammastig/kamstig*, terwyl *kammalielies* wsk. hibr. ss. v. *kamma-* + *-lielies* (uit *-lie(g)-lie(g)s*, vgl. *rêrig* uit *reg-reg*) in bet. (nie werklik) “soos, waar” nie, slegs “kwansuis”, d.w.s. “kamma(lielies)” (Bosh VT 385–7). Andersyds Nien (HOTT s.v. **waarheid** en **lieg** II, ondersk. *kamnasa* (vgl. Na. *ama-b*) en *t<sup>2</sup>kamüh* (vgl. Na. ≠ *homi*) nie uit te sluit nie, want vir die primitiewe mens lê die begrippe “waarheid” en “leuen” digby mekaar.

**kammakastig/kammastig v. kamma.**

**kammalielies v. kamma.**

**kammaro v. kambro.**

**kammassie(hout):** — *kamassie* — , pln. (*Gonioma kamassi*, fam. *Apocynaceae*), hou wel verb. m. plekn. Kammassieberg en wsk. Hott., maar herk. onseker (Pet SAPN 149 het net Hott. Kam=nassie, terwyl Scho PD 48 Hott. herk. aanvaar en ww. *komassie* vermeld); vgl. Nien HOTT s.v. **kammassie(hout)**.

**kammastag/kammastig/kammatjies v. kamma.**

**kammeko(e) v. kamko.**

**kammerband:** lendeband i.p.v. of by onderbaadjie; Ang.-Ind. (begin 17e eeu) *cummerbund* uit Ur. *kamar-band* (WAT).

**kammero(e) v. kambro.**

**kammestag/kammestig v. kamma.**

**kammetjie:** dim. v. **kam I** (q.v.).

**kammetjies v. kamma.**

**kammie:** dim. verk. in leerling- en studt. v. *kamermaat* (wsk. nie v. *kameraad* nie); vgl. WAT s.v. **kam<sup>2</sup>** en **kammie<sup>1</sup>**.

**kammiebos;** pln. (*Cliffortia strobilifera*, fam. *Rosaceae*), by WAT en Mar (45, 109), wsk. Hott., maar onseker, hoewel die ben. *vleibos* misk. aan Na. //gami-, “water”, kan laat dink.

**kammies/kammig v. kamma.**

**kamo(e) v. kambro en kamko.**

**kamoeflage:** — *camouflage* — , “verbloeming; vermomming”; ’n neol. ontl. aan Eng. (sedert 1917) *camouflage*, wat verb. hou m. Fr. *camouflet*, waarvan herk. onseker is.

**kamoefleer:** “verbloem; vermom”, ’n neol. ww. vorm, wat berus op s.nw. *kamoeflage/camouflage*.

**kamp I:** “omheinde stuk veld; saamtrekplek v. mense in die veld”, ens. (WAT s.v. **kamp<sup>1</sup>**); Ndl. *kamp* (Mnl. *camp*), ’n vroeë en veral WGERM. ontl. aan Lat. *campus*, “veld”; i.v.m. universiteitster= rein gew. *campus* geskryf.

**kamp** II: “geveg, stryd; wedstryd” (WAT s.v. **kamp**<sup>2</sup>); Ndl. *kamp* (Mnl. *camp*, “stryd”), soos *kamp* I uit Lat. *campus*, “slagveld”, maar nou in bet. “geregtelike stryd binne afgeperkte ruimte” deurgedring, nie alleen tot WGerm. nie, dog ook tot NGerm., vgl. **kampioen** en **kemphaan**.

**kamperfoelie**: — *kanferfoelie* — , pln. (*spp. Lonicera*, fam. *Caprifoliaceae*; die sg. wilde soort, bek. as *kafferkamperfoelie*, is *Tecomania capensis*, fam. *Bignoniaceae*); Ndl. *kamperfoelie* (sedert Kil wat nog die vorm *caprifolie* het) volkset. v. *kaperfoelie*, Eng. *caprifoil/caprifole*, It. *caprifoglio*, Fr. *chèvrefeuille*(le), gaan almal terug op Lat. *caprifolium* (*caper*, “bok”, *folium*, “blaar/blad”), eint. “bokblaar/boksblad” — vandaar in Ndl. ook bek. as *geitenblad* en in Hd. as *geissblatt* — v. **foelie** en vgl. verder WAT.

**kampernoelie**: “eetbare sampioen” (WAT); Ndl. *kampernoelie* (Mnl. *campernoel(e)*, reeds by Kil m. uitg. *-ie*), uit NFr. vorm van Ofr. *champaignol/champaigneul/champaignuel*, wat verb. hou m. Lat. *campus*, “veld”, v. **kamp** I en **sampioen**. Die eetbare soort is *Psalliota campestris*, fam. *Agaricaceae*, d.w.s. *Fungi*, soos by WAT en Mar).

**kampioen**: “eerste in sy soort; wener in ’n wedstryd”, ens. (WAT se **kampioen**<sup>1</sup> en **kampioen**<sup>2</sup> hang hist. en etim. baie nou saam); Ndl. *kampioen* (Mnl. *campioen*), soos Eng. *champion* uit Fr. *champion* (meer bep. uit ’n NFr. dial.) uit Ll. *campio*, wat verb. hou m. Lat. *campus* in bet. v. **kamp** II (q.v.), d.w.s. “stryder”.

**kampong**: betr. jong ontn. aan Ndl. *kampong* (uit Mal. *kampoeng*), “omheinde woonplek; woonbuurt v. inlanders”, ter vervanging van Eng. *compound* (v. dies. herk. as *kampong*), “huisvestingskompleks vir natuurlike by fabriek, myne,” ens. (vgl. verder WAT).

**kampus**: — *campus* — , onbeboude terrein by onderwysinrigtings, veral by universiteite; Eng. *campus* uit Lat. *campus* in bet. v. **kamp** I (q.v.), d.w.s. as “veld”; klassieke tradisie handhaaf meestal *campus*.

**kams** v. **ghams**.

**kamsie-kamsa**: (dial. v.) “so-so, taamlik”; vlg. WAT v. Fr. *comme ci comme ça*, “so-so; niks besonders nie”.

? **kamso**: (dial. v.) bep. aromatiese kruidgewas (*Cotula multifida/villosa*, fam. *Compositae*, soos by Mar (46, 130) en WAT), deur inboorlinge vir mediese doeleindes gebruik, deur Watt-BB as Hott. vermeld, maar gegewens i.v.m. herk. ontbreek.

**kamsta(g)/kamstig/kamta(g)/kamt(i)e/kamtig** v. **kamma**.

**kan I:** (gew.) metaalhouer v. vloeistof (WAT s.v. **kan**<sup>1</sup>); Ndl. *kan* (Mnl. *canne*), Hd. *kanne*, Eng. *can*, verw. buitekant Germ. onseker, mntl. 'n ontl. aan Lat. *canna*, "rietpyp" (wat in vroeë tye as voghouer gedien het).

**kan II:** "in staat wees tot", ens., selfst. en mod. hulpww., verl. tyd *kon*, (veroud.) *kos*, verl. dw. *gekon*, (selde) *gekan* (vgl. verder WAT s.v. **kan**<sup>2</sup>); Ndl. *kunnen* (Mnl. *connen/cunnen*, "kan; ken; weet"), Hd. *können*, Eng. *can* — die bet. "in staat wees" is in versk. tale sekondêr; Idg. verw. o.a. Lat. *nosco* (uit *gnosco*) en Gr. *gignōskō*, "ek leer ken; erken", verw. in Ndl.-Afr. is o.a. *ken(nen)*, *kond*, *kunde*, *kundig*, *kuns(t)*.

**kan III:** ww. (dial. v.) "rook" (WAT s.v. **kan**<sup>3</sup>); vlgs. WAT is dit Hott.; dit hou wsk. verb. m. Na. /*an* (Nien HOTT s.v. **rook** (van vuur) en ook m. d. (t.a.p.) aang. vorm v. Bur, nl. 'ai'*kanna*, en selfs m. d. (s.v. **rook** (pyp-)) van Lic, nl. *t'kei*.

**kana I** (WAT s.v. **kana**<sup>1</sup>) v. **kanna III**.

**kana II:** pln., ook bek. as *kannapatat*; uit die beskikbare gegewens is nie met sekerheid af te lei of dit verb. hou m. Nien (HOTT) se **kanna**(wortel) II en/of III nie; v. ook **kanna II** in hierdie werk; WAT s.v. **kana**<sup>2</sup>.

**kana III:** pln., ook bek. as **kameeldoringboom** (q.v.); vlgs. WAT (s.v. **kana**<sup>3</sup>) is dit Hott. sonder meer; dit hou wel verb. m. IVa se *kanaa-p* (Na. //*kana-s*, //*gana-b* of //*gana-s*), v. Nien HOTT s.v. **kameeldoringboom**.

**kana IV:** Jap. lettergreepskrif (WAT s.v. **kana**<sup>4</sup>); Jap. *kana* (Web).

**kanala:** — *kanalla* — , "asseblief" (dial. by Kaapse Maleiers); vlgs. Frank TB 118 en WAT is dit Mal.; die gebr. Mal. wd. is blb. egter *silakanlah*.

**kanallie:** — *karnallie* — , in Afr. nie veragtelik soos meest. in Ndl. en nie koll. (vgl. WAT s.v. **kanalje**) soos soms in Ndl. nie, wel "vabond/vagebond" (in skertsende sin); Ndl. *kanalje* (sedert Kil wat *kanaelie* as eie en *canalie* as vreemde vorm opgee; dial. Ndl. ook *karnalje*), soos Eng. en Hd. *canaille* uit Fr. *canaille* uit It. *canaglia*, "hondegebroedsel", wat verb. hou m. Lat. *canis*, "hond".

**kananga:** pln. (*spp. Cananga*, fam. *Anonaceae*); vlgs. WAT Mal. sonder meer; Mal. is *kenanga*, ook in Eng. bek. as *cananga*.

**kanapee:** "sofa"; Ndl. *canapé/kanapee* (WNT se oudste dokg. s.v. **canapé** eers 18e eeu), Eng. *canopy* (reeds 15e eeu), Fr. *canapé* (eers 17e eeu), It. *canapé* uit Ll. *canopeum* uit Lat. *conopeum*

uit Gr. *kōnōpeion*, “gordyn; bed m. muskietnet” (*kōnōps*, “mug=gie”) — prioriteit v. datg. (bv. in Eng. teenoor Fr.) kan toevallig wees.

**kanarieblaar** v. kaladieblaar.

**kanariebyter** v. janfiskaal, laksman (Scho PD 60–1).

**kanariesaad** v. kwarrelsaad, towoombagras.

**kandas:** — *kandaas* (WAT) — , “kleurlingmeid; nōientjie”; toep. v. d. naam v. d. Ethiopiese koningin, Candace (WAT), vgl. toep. by **abjater**, **adoons** e.a.

**kandeel:** bep. drankie (vroeër by kraamgevalle, vgl. WAT); Ndl. *kandeel* (Mnl. *candeel*) wsk. via Pik. uit Ofr. *chaudel* uit Ll. *caldellum* (verb. m. Lat. *callidus*, “warm”) en misk. bedoel as weergawe v. Gr. *loxozēma* (uit *loxos*, “kraamvrou”, en *zēma*, “boeljon”, m.a.w. “kraamvroudrankie”).

**kandela:** nuwe intern. eenheid v. ligsterkte (WAT); in Eng. ook *candela*, hou verb. m. Eng. *candle* en m. Lat. *candela* (uit ww. *candēre*, “skyn”).

**kandy:** ook bek. as *klontjie-*, *kristal-* en *teesuiker* (WAT); Ndl. *kandij* (Mnl. *candi*) uit Fr. (*sucre*) *candi*, soos It. (*zucchero*) *candi* uit Arab. b.nw. *kandi/qandi* by s.nw. *kand/qand*, “verdikte suiker=rietsap”, in Eng. bek. as *candy*, *sugar candy* en soms *candy sugar*.

**kaneel:** binnebasspesery v. bep. boom (*spp. Cinnamomum*, fam. *Lauraceae*, v. verder WAT); Ndl. *kaneel* (Mnl. *canele/caneel/kneel*, by vRieb *caneel*), Hd. *kaneel*, uit Fr. *cannelle*, dim. v. Lat. *canna* “riet”.

+**kanefas:** versk. tekstielweefsels; Ndl. (veroud.) *kanefas* (Mnl. *canefas/canev(a)ets/canevas*, by vRieb *canefas*) uit Fr. *canevas* (wu. Eng. — reeds Meng. — *canvas(s)* as s.nw.) uit Ll. *canabacius* uit Lat. *cannabis*, “hennep”; vgl. verder WAT.

**kanet:** bep. rietagtige plant, ook bek. as *besemgoed/-riet* (*spp. Restio*, fam. *Restiaceae/Restionaceae*, v. WAT); hou misk. verb. m. Port. *caneta*, “buisie, pypie, riet”, indien wel, dan ook m. Eng. *cane* en Fr. *can(n)e*, dim. *can(n)ette* en Lat. *canna*, “riet”; dan Afr. *in die kanette sit* = Ndl. *in 't riet geraken* (Stoe NS), “in die moeilikheid kom/wees”.

**kanete:** — *kaniemte* — , (dial. v.) “regtig, waarlik, werklik” (WAT s.v. **kanete**, waar dit sonder meer SSo. genoem word); SSo. *ka 'nete*, “in waarheid, waarlik”, redupv. *ka 'nete-'nete*, verst. *ka 'nete ruri* (v. *roerie*), “rêrig waar”.

**kanferfoelie** v. **kamperfoelie**.

**kanferhout** v. **sieriehout**.

**kangaroo**: bep. soorte springbuideldiere (WAT en ander bronne bring hulle tuis by die fam. v. d. *Macropodidae*); Ndl. *kangoeroe* uit Eng. (sedert 18e eeu) *kangaroo* (wsk. uit 'n Austr. inboorlingt.).

? **kanghan**: (dial. v.) tussens. tussen luiperd en jagluiperd (vlgs. WAT *Acinonyx jubatus/rex*, fam. *Felidae*, en wel uit Bant. v. N.-Tvl., maar nie deur ons in beskikbare bronne opgespoor nie).

**kanghoe**: — *kangkoe* —, (dial. v.) “dom, moeg” (WAT); wsk. verb. m. Na. *gã-khoi-b*, (lett.) “dom-mens”, kompo. v. *gã*, “dom, dwaas” (Rust) en *khoi-b* (v. Nien HOTT s.v. *man* II).

**kanietie** v. **kanete**.

**kanis**: “smerige/vuil vent”; Mans (KHI s.v. *kanis*) het aan verb. m. Lat. *canis*, “hond”, gedink en blb. ook *smerige kanis* geken, maar nie *smeerkanis* nie, wat wel in Afr. voorkom. Ondanks **kanallie** (q.v.) lyk verb. v. *kanis* (as 'n blb. ou “volkse” wd. in Afr.) m. Lat. *canis* onwsk., terwyl verb. m. Ndl. *kaan* (v. **kaing**) fonet. nie bevredig nie. Ndl. het versk. wd. *kanis* (m. wv. *kane*/*kanus*) met versk. bet., bv. “(vis)mandjie” (mntl. uit Prov. *canitz*, “fuik”); (Bar.) “kop”; (plat) “liggaam”; (plat) “persoon”, en WNT wys by lg. bet. na Mans, vermeld o.a. dial. *vuile kane* en ss. *smeer=kanis* (vgl. ook *smeerlap*) en dink blb. aan verb. m. *kanis*, “(vis)=mandjie”, iets wat seker soms nie welriekend was nie en aan “smerigheid/vuilheid” laat dink het.

+ **kanna** I: (kultuur)plant, vroeër wsk. hoofs. aan plantk., geleerdes en medici bek. as *kanna* (*Aralia/Panax ginseng*, fam. *Araliaceae*), verw. aan WInd. *Panax quinquefolium* en misk. dié bedoel deur Rum, nl. d. sg. Sji. *ginseng* (Sji. *jên*, “man”, *shen*, “gedaante”, n.a.v. sy gevurkte wortel soos die bene v. 'n man). Die wortel v. albei spp. *Panax* was, soos dié v. d. Am. *Canna edulis*, fam. *Cannaceae*, medies en as lekkerny (met soeterige smaak van soet=hout) belangrik — vandaar die ben. *kannawortel* en die kweking v. d. plant. Dit was wsk. hierdie plant(e) wat Flo in 1611 aan die Kaap kom soek het en wat vRieb aan “worteljens” laat dink het “van smaecte wesende als suijckerwortel, ende de gelijkenisse hebbende als Japanse wortel-nisi” (Nien HOTT s.v. **kanna**=**wortel**) I). Dat Flo (en misk. ook vRieb) a. d. Kaap v. d. Hott. die naam *canna* vir 'n eetbare plant gehoor het, kon hulle, Claudius (jaartal na sy naam by Nien moet 1685 i.p.v. 1585 wees), Tac (e.a. na hulle) mislei het om d. Oosterse m. d. S.A. plant en naam te verwar (vgl. Men: “canna root . . . which may possibly be the

Canna or Ginseng root" — Nien t.a.p. 328). Die plant het blb. nie hier geaard nie (vBr *Siam* 70) en aan die mediese eienskappe is minder waarde geheg, sodat die naam in dié bet. in onbruik geraak het.

**kanna II:** — **kana II** (q.v.) — , inheemse wilde plant, wsk. (altans aanvanklik) m. **kanna I** verwar, o.a. vanweë belang v. wortel — vandaar, soos by **kanna I**, ook bek. as *kannawortel* (Nien HOTT s.v. **kanna(wortel)** I en II). Afgesien v. pers. wat blb. aan **kanna I** gedink het, skryf Nien se segsmanne op een na anl. *c/k* (sonder suigkl.) en dié een *ch* (wsk. — Afr. *g* — dui dit op verwarring by *ganna/kanna?*), noem dit Hott. en verkl. (die meeste altans) dat dit gekou — vandaar ook *kougoed* genoem — gerook en selfs gedrink word (bedwelmend, veral m. dagga en/of tabak gemeng). Geeneen gee Hott. genusaand. nie, maar 'n hele paar gee te kenne dat dit 'n soort *hottentotsvy(g)* is, d.w.s. *spp Mesembrianthemum*, fam. *Aizoaceae* (v. Mar 105, Nien t.a.p. en Scho PD 29, 46). Die naam *elandsvy(g)* by Mar 105 en Nien (s.v. **kannawortel III**) dui op mntl. verb. v. **kanna II** m. naam v. d. eland (Nien HOTT s.v. **eland** en **kannawortel III**), maar v. ook **kanna III**, *Kannaland* en *Kannasebergte* aldaar.

**kanna III:** — **kana I/ganna III** — , inheemse wilde plant, o.a. ook bek. as *asbos*, *brakbos*, *loogbos* en *soutbos* vanweë feit dat as v. sy blare en takke as loog gebr. is om seep te kook (*spp. Salsola*, fam. *Chenopodiaceae*, asook *spp. Dais, Gnidia* en *Passerina*, fam. *Thymelaeaceae*, so deur Mar (104) ondersk., maar (120) tree daarnaas ook *gonna* op ondanks sy waarskuwing (33) om *gonna* nie m. *ganna/kanna* te verwar nie, vgl. ook Scho PD 47–8 en veral Nien HOTT s.v. **ganna(bos)(sie)**). Ses v. Nien se 10 segsmanne skryf anl. *c/k* (sonder suigkl.), en die ander 4 ondersk. *g/k*, *g*, *ch* (= Afr. *g* ?) en *gh*, wat daarop dui dat *c/k* sterk oorweeg het (onder invl. v. **kanna II**?), hoewel dit vandag andersom kan wees. Soos by **kanna II** gee segsmanne ook hier nie genusaand. nie, en blb. het *k*-vorme suigkl. vooraf gehad (Nien 271). Die naam *elandsbossie* v. **kanna III**, soos *elandsvy(g)* v. **kanna II**, dui op verb. m. Hott. naam v. d. *eland* (v. **kanna II**), maar by plekn. *Kannaland* en *Kannasebergte* kan die verhouding anders wees (Nien 328).

**kanna IV:** soort tuinblom (*spp. Canna*, fam. *Cannaceae*); wsk. via Eng. *canna*, wat verb. hou m. *cane* en terug te voer is tot Lat. *canna*, Gr. *kanna/kannê*, "riet", en mntl. verder tot Hebr. *qāneh*, Arab. *qanāh*, misk. ook Fen. *kaneh* en Ass. *kanu* (v. ook **kanet**).

**kannabas:** — *gannabas* — , soms sierboom, soms wilde struik, pln. (veral *spp. Dais* en *Gnidia* by **kanna III**), die bas is dikw. gebr. as "bindtou" (Mar 30, s.v. **ganna**; Pal-Pit 214 wat sê dat dit in Eng. *pompom/pincushion tree* heet).

**kannabos(sie)**: dié ben. kan toeg. word op **kanna** I, II en III, hoewel Nien dit net i. vorm *ganna(bossie)* by **kanna(wortel)** I vermeld, maar **kanna** I en II is vroeër m. mekaar verwar.

**kannawortel**: hoewel Nien dit s.v. **kanna(wortel)** I, II en III behandel, was dit vroeër veral v. toep. op I en later op II.

**kannetjieboom**: by vWiel 62, misk. dies. as **kannip** (q.v.).

**Kannie**: in uitdr. *Kannie en Willie is tweelingbroertjies*, ondersk. verbg. v. *kan nie* en *wil nie*, subst. en verpers. (m. hoofl.).

+**kannie-koenie**: — *koenie-kannie* —, “uitr. om iemand belustig of jaloers te maak; jaloers”; Pien (TWK X 2, p. 99 vlg.) verkl. *kannie* uit *kammene* en *koenie* òf uit *kumi* òf uit *koene/koente* uit *kunte*, ’n uitdr. in d. slawet., ong. — “gee jy my nie kos nie, dan is daar geen geslagsverkeer nie” (vgl. Hes HA<sup>2</sup> 56: *kammene kumi*, *kammene kuli* en *kammene kas*, *kammene kunte* — *kumi/koemi* sou dan vlgs. Hes (t.a.p.) en ook Frank (TB 122) beantw. aan Port. *comer*, “eet”); vir omstelling van so ’n woordpaar vgl. *haaihoei/hoeihaai*.

**kannip** v. **tnou**, asook Nien HOTT s.v. *jakkalskos* I waar Thun se *kauimp* wsk. drukfout is v. *kanimp*, tans uitgespr. *kannip* (in ouer Hott. wsk. so iets as *kan(n)i-p*).

**kano**: ligte bootjie (gew. uit uitgeholde boomstomp); Ndl. (reeds 17e eeu) *kano* (by vRieb *kano*, *canoo*, *canotjen*), soos Eng. *canoe*, Hd. *kanu*, uit Sp. *canoa*, waarvan vroeër vermeende WInd. herk. tans betwyfel word, al kom dié afl. nog in NED, by Web e.a. voor.

**kanoentjie**: “diamant wat moeilik is om te bewerk” (wsk. uit delwers-en/of diamantslyperst.), gedok. by Malh DFdT V en by Krit e.a. VW., blb. ook bek. as *bol*, *naatsteen*, *tweepunt*, *wassie*.

**kanotgras**: eint. nie ’n grass. nie, maar ’n plant (*Flagellaria indica*, fam. *Flagellariaceae*); Ngu. *u(lu)-gonothi* (sp. *Flagellaria*), ook “’n lang dun stok of koringstingel”.

**kantien**: groterige blik as emmer gebr. (bv. *blikkantien*); drinkplek, kroeg; (veral militêre) lokaal v. drank en voedselware; kisse m. tafelgerei; Ndl. *cantine/kantine* (sedert 17e eeu), soos Eng. *canteen*, uit Fr. *cantine*, It. *cantina*, “kelder”; herk. hoërop onseker.

**kapabel**: — (sprt. ook *kapawel*/(enigsins plat) *kapaal* —, “bekwaam, in staat tot”; Ndl. *capabel* (sedert 17e eeu), soos Eng. *capable*, uit Fr. *capable* uit Ll. *capabilis* (mntl. verb. m. Lat. *capere*, “neem, vat” en byg. aan Lat. *capax*, “in staat om veel te bevat”, vgl. Eng. *capacious*).

**kaparrang:** “soolskoen” (veral d. Kaapse Maleiers gedra); wsk. verb. m. Jav. *gambarran*, “soort sandaal”, maar nie m. It. *gambado*, “soort groot skoen t. beskerming v. ruiter se been aan saal verbind” nie.

**kapater:** “ontmande bok”; via verndl. *kapater* uit ouer (17e-eeuse) *capade*, “eunug”, uit Port *capado*, “ontmand”; volkset. ook t. vervanging v. “*Kom, pater . . .*” uit bek. liedjie; in bet. “bok=kapater” by Trig (1Ro T DLT 242).

**kapawel v. kapabel.**

**kapel I:** (gew.) kleinerige kerk, gebedshuis (bv. by hospitale en v. begrafsiondernemers), orkes, ens.; Ndl. *kapel* (Mnl. *capelle*), soos Hd. *kapelle*, Eng. *chapel* (via Fr. *chapelle*), It. *cappella*, uit Ll. *capella* (dim. v. *cappa*, “mantel”) n.a.v. feit dat die mantel v. St. Maarten deur Fr. konings as reliek in so ’n gebou bewaar is en die naam “mantel” op die “kerk” oorgegaan het.

**kapel II:** minder bek., misk. nog boekw. in bet. “skoenlapper, vlin-der”; Ndl. *kapel*, verb. m. **kapel I** (q.v.) onseker; dVri J NEW waag die vraag of dit diss. van veronderstelde vorm *papel* uit Mnl. *pepel* uit Fr. *papillon*, “vlinder”, kan wees.

**kapel III:** = *kapelslang*, v. **koperkapel**.

**kaperjol:** — *kapriol* — (Afr. sprt. vermy gew. verbg. *ioe*, vgl. o.a. *swetterjoel* en *vitterjoel* teenoor *swetrioel* en *vitrioel*), meest. mv., “vrolike bewegings”; Ndl. *cabriool/capriool/kapriool* (Mnl. *capriool* nog in bet. “bokkie”) in huidige bet. blb. sedert 17e eeu, vgl. ook Eng. *capriole*, verk. tot *caper(s)*, die Ndl. vorme m. inl. *b* wsk. via Fr. *cabriole* (Prov. dial.) en dié m. inl. *p* via It. *capriola*, dim. v. *capra*, vr. v. Lat. *caper*, “bok”, eint. “bokkesprong(e)”.

**?+kapetjie:** petjie; kardoesie (aanv. misk. een wat by Kersvrolikheid oor die kop getrek kan word), wd. en bet. albei vroeër by Kaapse Maleiers gehoor; uit **ka-** (q.v.) + Ndl. *pet(je)*, v. onseker herk.? Die wd., bet. en vorm **kadotjie** (*ka-* + *dotjie*) lewer ’n anal. wat opweeg teen *kap-* (Mnl. *cappe*, Eng. *cap(e)*, Hd. *kappe*) as uitgangspunt.

**kapok:** “boomwol”; (in Afr. wsk. beter bek. in bet.) “sneeu”; Ndl. (sedert 17e eeu) *kapok/kapoek* uit Mal. *kapoek/kapoq*, “boomwol” (vgl. WNT verkry v. *Eriodendron anfractuosum*, vgl. Web e.a. spp. *Bombax/Ceiba*, fam. *Bombacaceae*), in S.A. van versk. plante (v. infra en Mar 46) — toep. op “sneeu” berus op kleurvergelyking; v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 4.

**kapokblom:** vgl. Mar (46) = *perdekapok* (*Lanaria plumosa*, fam. *Haemodoraceae*), *kapokbossie* (spp. *Erioccephalus*, fam. *Compositae*)

en *wildekapok* (*spp. Asclepias*, fam. *Asclepiadaceae*) lewer blb. almal "boomwōl", maar dit is nie duidelik of *kapokkie* (*spp. Erica*, fam. *Ericaceae*) dit ook doen nie en of dit nie slegs wit-kleurige blomme dra nie — aanvullend maar enigsins anders by Scho PD 73.

**kapokvoëltjie:** voëls. (*Anthoscopus minutus*) bou blb. sy nessie v. plantdons of boomwol en het daaraan sy naam ontl., maar deurdat hy klein is, is *kapok-* as eerste lid v. ss. opgevat as "klein" en kry ons o.a. *kapokhaantjie* in bet. "klein haantjie" en word hy geassos. m. *bantamhaantjie* (v. *bantam* II), "n astrante veghaantjie", m. die gevolg dat *kapokhaantjie* ook bet. "astrant" bykry; vgl. Scho PD 62 i.s. *kapokvoël*. Het byg. aan *kemp-haantjie* meegewerk by bet. v. *kapokhaantjie* as "astrante, veglustige haantjie"?; v. ook *vetvretertjie*.

**kapot:** uitgeput; bankrot; stukkend; dood, by Trig in vorm *kaput* (1Ro T DLT 242); Ndl. *kapot* (nog nie by Kil nie, wel sedert 17e eeu), soos Hd. *kaput(t)*, uit Fr. *capot* i.v.m. uitdr. by kaartspel: *faire capot*, "al de slagen halen", d.w.s. "die teëparty kafloop", maar oor herk. hiervan bestaan daar meningsverskille.

**kappie I:** hoofbedekking v. vroue (i.p.v. hoed); Ndl. *kap* (dial. *kappe*, Mnl. *cappe*, by Kil *kappe*, maar destyds nog hoofbedekking v. manne en blb. later ook v. vroue), soos Hd. *kappe* en Eng. *cap*, uit 'n Rom. taal (vgl. Fr. *chape* en It. *cappa*) uit Ll. *cappa*, "man-tel" (vgl. **kapel** I).

**kappie II:** teken om die besondere aard v. 'n vok. aan te dui, ook bek. as *sirkumfleks*, soos in: *sê, wie, môre, rûe*, ens., so genoem na sy vorm.

**kappie III:** drankie (veral laaste voor afskeid i. d. aand), ong. = Afr. *sopie*, Eng. *tot*; hou misk. verb. m. Eng. *night-cap*, lg. mntl. d. byg. aan *night-cap*, "nagmussie, slaapmussie".

**karaat:** gewigseenheid v. edelmetale en juwele gebr.; Ndl. *karaat* (Mnl. *c(a)raet*), soos Eng. *carat* en Hd. *karat*, via Fr. *carat* uit Ll. *carratus* uit Arab. *kirat/qirat*, wsk. uit Gr. *keration*, "horinkie" (d. naam v. 'n boomsaadjie wat as gewig gebr. is).

**karakoel:** skaaps. v. d. velle waarvan o.a. pelsjasse gemaak word; wsk. via die een of ander Wes-Eur. taal (Eng. *caracul/karakul* of Hd. *karakul* ?) uit Rus. *karakul*, "gekartelde vag/vel".

**karate:** 'n Jap. metode v. selfverdediging sonder wapens; Jap. *karate*, (lett.) "leë hand", wsk. nie direk aan Jap. ontl. nie, maar voorasnog onbek. langs watter kanaal.

**karba:** groterige kan met mandjiewerk bedek, in S.A. is o.a. gedok. *kabriesen* (wsk. i.p.v. *karbiesen*), *caaba* en *carabassen* (Bosh VT en EWA) en in Ndl. en dial. o.a. *kaba(as)*, *karbaas* en *karbies*, mntl. uit Port. *caraba*, wat soos Eng. *carboy* wsk. verb. hou m. Pers. *kārābā/qarabah*, Arab. *kirba* en Arab.-Pers. *qirbah*, “water=sak v. vel”; v. ook **kraffie**.

**kardamom:** — *kardemom* — , spesery v. struik (*spp. Amomum/Elettaria*, fam. *Zingiberaceae*); Ndl. *karda-/kardemom* (Mnl. *carda-/cardomome*), Hd. *kardamom*, Eng. *cardamom/-mum/-mon*, ontl. aan Lat. *cardamomum* uit Gr. *kardamōmon*, mntl. kontamv. v. *kardamon*, “soort gras”, en *amōmon*, “soort Ind. speseryplant”.

**kardanas:** as om motorkrag oor te bring, genoem na It. uitvinder, met name Cardano.

**kardoes I:** spitspuntig gedraaide papiersakkie; (vroecr ook) huls, koker v. patroon, wsk. in Afr. uit Ndl. seemt.; Ndl. *kardoes* (reeds voor end 16e eeu, maar nog nie by Kil nie, dial. o.a. *kroes(ie)*, vgl. Frank TE 30-1 waar ook vb. uit Kaapse Stukke v. 17e en 18e eeu), Hd. *karduse/kartuche*, Eng. *cartouche* en *cartridge* via Fr. *cartouche* (vgl. Port. *cartucho*) uit It. *cartuccia/cartoccio* uit Ll. *carta*, Lat. *charta*, “papier” (Bosh VT en EWA); v. ook **kartets**.

+**kardoes II:** (in verbg.) ’n *bende van kardoes*, “rumoerige spul”, so genoem na die rowerfiguur Cartouche (1693-1721), vgl. Scho TWK 14, I, p. 17, waar vb. uit 1866 in S.A. v. *kardoes bende* en dial. Ndl. *kedoes*, verder Bosh EWA en WAT s.v. **bende**<sup>1</sup>.

**karee:** inheemse boom- en bossies. (*spp. Rhus*, fam. *Anacardiaceae* — v. Scho PD 48); Hott. *karré-/care-/kare-/caree-/karree-/carru-*, vgl. Kor. *!gare-b* (Nien HOTT s.v. **karee(boom)**); v. ook **taaibos**.

**karet I:** bagasierak agteraan kar; Ndl. *karet/karrette*, “groente=waentjie” (blb. eers 18e eeu), Hd. *karrete*, Am.-Eng. *carretta*, It. en Sp. *carreta*, Port. *careta* (wu. Mal. *kareta*, “rytuig”), v. ook *krat* s.v. **hortjies** — dit is nie duidelik of vRieb met sy *caertjen* (d.d. 23.10.1660) *karretjie* of *karetjie* bedoel nie, indien lg. (vRieb se *ae* — lang *a* en dan nader daaraan), dan is dit ’n vroeë Ndl. dokg. v. *karet*.

**karet II:** skilpaddop; Ndl. *karet/kret*, “soort seeskilpad” (*Chelonia imbricata*); (ook) “skilpaddop” (blb. ook eers sedert 18e eeu), as handelsartikel wsk. uit Fr. *caret*, wat misk. verb. hou m. **karet I**.

**kargop:** koggelmander (vWiel 168), vlgs. WAT ben. v. koggelmander of akkedis; hou dit misk. verb. m. Na. *!aro-s*, “eidechsenart

(dickköpfig, roth und blau, der sogen. regengucker auf den bäumen”) by Kroen 32a; ook Olpp 12 gee die vr. vorm *!aro-s* v. “eine kleine eidechse”, maar misk. was daar ook ’n ml. vorm *!aro-b* vir ’n groter soort. WAT vgl. *karghohotnot* vir ’n groterige soort (*Cordylus giganteus*); v. ook **kirkos**.

**karie:** — *krie* — , heuningbier (gisting bewerk m. behulp v. karie-/kriebos(wortel), *spp. Anacampseros*, fam. *Portulacaceae*, vgl. Scho PD 47); Hott. (vgl. Na. *!kari-b*, “heuningbier”) en verb. m. ss. *karie-/kriemoer*.

**karieogie:** — *krieogie* — , voëls., ook bek. as *witogie* (*Zosterops capensis*, vgl. Scho PD 62); Hott. *ore/orée/ouri* (voorafgegaan deur suigkl.), vgl. Na. *!uri*, “wit” (Nien HOTT s.v. **Europeaan, wit IV** en **witkraai I**); ben. n.a.v. ring wit veertjies om ogies; v. ook **kneutjie, glaasogie**.

**karkaar:** heides. (*spp. Erica*, fam. *Ericaceae*); na bewering kn.

**karkaarblom:** blom- en pln. (*Antholyza nervosa*, fam. *Iridaceae*); na bewering kn., soos **karkaar**.

? **karkaia:** terg- en vermaakw. (vWiel 165); herk. onbek., wsk. Hott.

**karkatjie:** seertjie aan ooglid (*hordeolum*, die ontsteking heet *blepharitis*); wsk. eufem. vervanging v. Ndl. *strontje* deur *kakkatjie* (v. **kakka**) en verder tot *karkatjie*, hoewel ook aan Ndl. *cataract/katarakt* gedink word, maar dit is — *grauwe staar*, wat ewe min as Eng. *cataract* — is aan Ndl. *strontje* en Eng. *sty* — albei verkl. laat egter klemversk. onverkl.

**karkei:** soort krimpsiektebossie (*Cotyledon wallichii*, fam. *Crassulaceae*); Hott. *t'karkai/t'karkey* (Watt-BB 1315, daarby *kerky* (1377) vir *Crassula argentea*), onder ander name o.a. *kandelaar* (ook by WAT s.v. **kandelaar** in bet. 4) wat vermoede wek dat *-kei* mntl. verb. hou m. Hott. *t'gey-s*, “vuur” (vgl. Na. *!ai-s*, “vuur”, *!ai-n*, “brandhout”, *!ai-b*, “stomp brandhout”), maar onseker.

**karkoer:** rankplant m. wartlemoenagtige vrug (*Citrullus vulgaris/amara*, fam. *Cucurbitaceae*), wv. *karkoor/koorkoor* (Mar 129) en ander name *bitterappel*, *bitterboela* en *bitterosse* (WAT); herk. onbek., maar wsk. Hott. of Boes. — die **tsamma** (q.v.) word ook as *Citrullus vulgaris* geïd. en dié naam is Hott., misk. via Hott. uit Boes. wat o.a. die vlg. vglb. materiaal het: *!korogən* en *!koroka*, “komkommer”; *kakuy*, “pampoen”, en *kalabu*, “wartlemoen” (Ble BD).

**karmedik:** pln. (*Cnicus benedictus/lanceolatus*, fam. *Compositae*) waarvan blare geneesk. gebr. word, by Men *kormandeyk* (vir

*Cardo benedictum*); Gron. *karmedik* = kortbaindik vir *Carduus benedictus* (by tLa NGW 392, soos by Scho TWK/NR 7, 2, p. 4) — geen verb. m. *karda-/kardemon* nie.

**karmenaadjie:** — *kar-/kernaadjie* — , “stuk gebraaide vleis; stuk presentvleis wanneer geslag word”; Ndl. *karbonade* (reeds by Kil, “volkse” vorm *karmenade*, dial. o.a. *kar-/kermenaai/-menei*) uit Fr. *carbonade* (vgl. Sp. *carbonada*, It. *carbonata*), “op ’n vuur v. kole (Lat. *carbones*) gebraaide vleis”.

+**karneuter:** — *kernuiter* — , “kameraad, maat” (in ongunstige sin); Ndl. *kornuit* (met uitg. *-er*, soos in *venter* naas *vent*, v. Scho TWK 14, 4, p. 189–90), reeds in Mnl. *cornuut*, “sukkelaar”, hou verb. m. Lat. *cornutus*, “gehoring”, en berus op ou gebr. dat nuwe (vak)genoot in ’n gilde horings moes dra.

**karuffel:** — *knuffel* — , “afknou”; Ndl. (blb. sedert 18e eeu) *karnoffelen/karuffelen* uit Hd. (en dial.) *karnöffeln*, dies. as Ndl. *knoffelen/knuffelen*, Hd. en Ned. *knuffen/kniuffeln*, “stamp, stoot”, hoofs. ’n Germ. wd. wat wsk. verb. hou m. On. *kneyfa* en *knyja*, “met hande en knieë neerdruk”, in versk. Germ. dial. ook vorme m. anl. *gn-*, asook met *oe/ui* i.p.v. *o/u*, misk. verw. aan *kneus* en *knobbel*.

**karoo-:** veral in ss.; Hott. *car(r)o(w)-/kar(r)o-/χhaeruh* (Nien HOTT s.v. **droog** I en III en **hard** II, waar ss., ook by Scho TWK/NR 7, 2, p. 4), vgl. Kor. *karro/garo* en Na. ww. *garo*, “uitdroog”; b.nw. en ww. *garo*, “hard” en “hard wees”; b.nw. en ww. *!garo*, “woes” en “woes wees”, en s.nw. *!garo-b*, “woesteny, woestyn”; vgl. streekn. Karoo.

**karos I:** — *kros* — , (sedert 17e eeu v.) “velkombers”; Hott. *caro-s/karo-s/cro-s/kro-s*, wsk. dim. v. wd. wat in Na. lui *kho-b*, “vel” (v. Bosh VT en EWA, Scho TWK/NR 7, 2, p. 4, en Nien HOTT s.v. **karos** II), ook **voorkaros**.

+**karos II:** (weinig bek. v.) “bep. soort rytuig”; Ndl. *karos* (nog nie by Kil nie, wel sedert 17e eeu), via Fr. *carrosse* of via Hd. *karosse* uit It. *carroccio/carroccia/carozza* wat verb. hou m. Gall.–Lat. *carrus*, “kar; wa” — WNT skei wel I en II, maar ondersk. nie etim. duidelik nie, terwyl NED se verkl. misleidend is.

**karper:** viss. (o.a. *Cyprinus carpio*, fam. *Cyprinidae* — hoort deels by die **habers** (q.v.), v. Barn 51–8); Ndl. *karp/karpel/karper* (Mnl. *carpe(r)*, by vRieb *carpers*, dial. ww. met en sonder uitg. *-(e)l/-(e)r* en inl. *a/e/o/u*); Hd. *karpfen*, Eng. *carp*, wsk. via Fr. *carpe* uit Ll. *carpa*, blb. hoofs. Germ., maar deurgedring in Slaw. tale; in Afr. te ondersk. v. *kurper*.

**karring:** s.nw. en ww., “melkvat om botter in te maak; botter in so 'n vat maak”; Ndl. ondersk. *karn* en *karnen* (Mnl. ondersk. *ke(e)rne* en *ke(e)rnen/ca(e)rnen*, by vRieb *karn/kern*), Eng. *churn* (dial. *kirn*), misk. verb. m. *kern* (dVri J NEW).

**kartel I:** met klem op eerste letg., “kerf, inkeping, uitsnyding”; Ndl. *kartel* hou verb. m. ww. *kartelen* (by Kil as *kertelen*, waar=naas hy Vl. *kerten* noem (blb. = Mnl. *kertelen/cartelen*, “uit=tand”) en *kerte*, “kerf” (s.nw.), wat wsk. weer verb. hou m. ouer Ned. *krete*, “kerf, keep”), hoofs. Germ. en misk. verb. m. Hd. *kratzen*, Ndl. *krabben* en Afr. *krap* (ww.).

**kartel II:** met klem op tweede letg., “ooreenkoms tussen sake=partye”; Ndl. *cartel/kartel*, via Fr. *cartel* uit It. *cartello*, dim. v. *carta* uit Lat. *charta*, “papier” (v. **kardoes**).

**kartets:** bep. soort bom met koeëls gevul; Ndl. *kartets* (nog nie by Kil nie, blb. sedert 18e eeu) uit Hd. *kartätsche* uit It. *cartaccia/cartuccia*, “growwe papier”; uit ww. *cartoccio*, blb. Fr. *cartouche* wu. Ndl.-Afr. **kardoes** (q.v.), almal uit Ll. *carta*, uit Lat. *charta*, “papier” — *kardoes* en *kartets* kan as doeb. beskou word, verw. aan **kartel II**.

+**karwaat:** “gedroogde soutvis” (Smi OT 271); Frank (TB 142, No. 13) aanvaar dHa (Pri II 543 (5)) se verkl. dat dit wsk. Tam. *carvate* is wat destyds in die Kompanjies. as *karwaat* bek. was.

**karwats:** “soort sweep”; Ndl. *karbats/karwats* (nog nie by Kil nie, maar wel sedert 1616) uit Hd. *karbatsche*, Poo. *karbacz*, Tsj. *karabasj* uit Tur. *kyrbasj* (nie uit te maak deur watter WRus. taal oorgedra nie).

**karwei:** ww., vervoer; Ndl. ww. *karweien* (Mnl. *corweyden*), vroeër “onbetaalde werk verrig”, later “betaalde werk verrig” (maar gew. los werkies), ens., hou verb. m. Ndl. s.nw., *karwei* (Mnl. *corveye/corwey(d)e*, dial. allerlei ww.), uit Fr. *corvée* uit Ll. *corvada/corvata* uit Lat. *corrogata*, “byeengeroep” (tot verpligte diens).

**karwy:** groente- en pln. (*Carum carvi*); Ndl. *karwij* (Mnl. *carvi*), direk uit Ll. of via Fr. *carvi*, wsk. uit Arab. (*al-*)*karawia* (wu. Eng. *caraway*, misk. via Sp. (*al-*)*caravea*), Hd. *karbe(i)/karve* — die Arab. wd. berus op sy beurt op Lat. *careum*, Gr. *karon* (as ben. v. *Carum carvi*), maar herk. daarvan onbek.

**kas I:** (gew.) meubelstuk v. hout, met of sonder deur en/of laaie, om iets in te bère; Ndl. *kast* (Mnl. *caste*, “korningskuur”, maar nie by Kil nie), in huidige bet. blb. ontl. aan Hd. *kasten* (Ohd. *chasto*), ontw. v. bet. wsk. as volg: “graanhoop . . . graan=skuur . . . graankas . . . kas” (in die alg.), maar die wd. het van vroeg af deurengeloopt met **kas II**.

**kas II:** “holte, ruimte” (bv. in: *bors-*, *oog-*, *oorlosie-*, *tandkas*); Ndl. *kas* (Mnl. *casse*, wsk. uit Ofr. (Pik. dial.) *casse* (Fr. *chasse*, “relikwieëkissie”) ontl. in bet. “kissie”), maar die wd. het deurengeloop met **kas I** en **III**.

**kas III:** “kontant; landskas”; Ndl. *kas*, in die 16e eeu ontl. aan It. *cassa* uit Lat. *capsa*, “bêreplek, kissie” (vgl. **kas I** en **II**); Eng. *cash* (end 16e eeu) is v. dies. herk.

**kas IV:** (in verbg.) *in kas*, “in geval, ingeval”; Ndl. *cas/kas* (Mnl. *cas*) wsk. via Fr. *cas* uit Lat. *in casu*, “in geval” — by vRieb *in dat cas* en *in cas*, by Teenstra *in kas van . . .* (Frank TB 186), by Cha e.a. (Scho TWK 14, 1, p. 18).

**kasaat(water):** — *kasater-/tasaat-/tasater(water)* — , “flou koffie”; dié begrip word o.a. in Afr. deur d. vlg. (hoofs. dial.) wd., veral v. Hott. herk. (— v. WAT) uitgedruk: *g(h)abbatjies*, *ghaps*, *ghawwa-tjiewater*, *ghawwawater(tjies)*, vgl. ook *ghwabawater(tjies)*, “flou tee of swart koffie”, en *ghwawater*, “slegte tee of koffie”, asook *ghaboe*, *gheboe*, *ghoeghoe*, *ghouboe*, *koeboe*, *kouboe*, (almal) “sleg, smaakloos, swak”, en in Ndl. deur *slavaat* en *slavans*, maar nòg die een nòg die ander gee etim. leidrade; Frank (TE 31–2) se afl. uit *kabá(water)* uit Arab.-Mal. *kàhwah*, “koffie”, bevredig nòg fonet. (bv. die *s* en *t* in *kasaat* e.a.) nòg sem., want *kasaat* c.s. is nie “koffie” nie, maar “flou, swak koffie”; dan eerder te dink aan Port. *cansado*, “flou, verswak” (m. sink. van *n* voor *s*, vgl. *kwasië* uit Lat. *quam si*, en ontw. v. *casado* tot *kasater*, soos *capado* tot *kapater*) of anders aan Port. *chasada*, “slegte, swak tee” — die vorme met anl. *t* kan afstass. wees, en ter vgl. het ons o.a. *konka* — *tonka*.

**kasarm:** — *kasarring* — , “hele boel, menigte”; Ndl. *kazerne* (nog nie by Kil nie) uit Fr. *caserne* (Prov. *cazerna*, “nagwagruimte in vesting”), wu. ook Eng. *casern*, soos Port. en Sp. *caserna*, “soldatekwartier”, uit Lat. *quaterna* (verb. m. Lat. *quattuor*, “vier”); NED lei af v. Lat. *casa*, “hut, kamer”, maar misk. is in die een of ander vorm v. Ll. gepraat van *casa quaterna*, (ong.) “vier-mankamer”, wat mettertyd ’n hele “soldatekwartier” en in Afr. ’n “menigte” (in die alg.) word.

**kaskenade:** meest. mv., “fratse, poetse, streke”; Ndl. *kaskenade* (minder gew.) *kasgenade* (nie-gedat.) en ander ww.; Fr. *gasconnade*, afl. v. eien. Gascon(jer), “bewoner v. Gascogne”.

**kasmier:** — *kasjmier/kassemier* — , “bep. tekstielstof; kouse v. dié stof”; Ndl. *cachemir/kasjmier* (nie-gedat.), soos Eng. *cashmere*, via Fr. *cachemire*, na naam v. streek in noorde v. Voor-Indië — by Trig *kassemier* (IRo T DLT, 242).

**kassawe:** “maniok; meel v. sy wortel”, pln. (*spp. Manihot*, fam. *Euphorbiaceae*); Ndl. *cassave/kassave* (sedert 17e eeu), ontl. aan een v. d. Rom. tale (Fr. of Port *cassave*, Sp. *casaba*) uit Hai. *casávi*.

**kassemier** v. **kasmier**.

**kasta(g)** v. **kamma**.

**kastaing:** vrug- en pln. (*spp. Castanea*, fam. *Fagaceae*; *wildekastaiing*, *Calodendron capensis*, fam. *Rutaceae*); Ndl. *kastanje* (Mnl. *castaegne/castanie*, volkst. o.a. *kar-/ker-/korstanje/-staaief/ka(r)steng*) uit NFr. *castagne* (Fr. *châtaigne*) uit Lat. *castanea*, Gr. *kastanea*, wat verb. hou òf m. naam v. *Castanea* in Pontus òf m. dié v. *Castana* in Thessalië, vgl. ook Eng. *chestnut*.

**kastig** v. **kamma**.

**kastrol:** tipe kookpot; Ndl. *kastrol/kasterol/(ouer) casserole* (bib. na Kil) uit Fr. *casserole*, verb. m. Fr. *casse*, “kookgerei met diepte”, uit end 16e eeu.

+ **kasueel:** “toevallig”, *casewiel* by Trig (Scho TWK/NR 7, 2, p. 4), al in 17e-eeuse volkst., soos Eng. *casual(ly)* uit Fr. *casuel* uit Lat. *casualis*, afl. v. *casus*, “ge-/toeval”.

? **kasuur:** pln. (*Pittosporum viridiflorum*, fam. *Pittosporaceae*); herk. onbek. (WAT bied geen etim. inligting nie); v. ook **bosboeken-hout**, **oemkwenkwe**, **scepbas**, **stinkbas**; uit Mal. *kasowari*?

**kat** v. **katjie** 1.

**katakoeroe:** voëls., vlgs. streek toeg. op *spp. Campephaga* en *spp. Coracina*, albei fam. *Campephagidae*, op *Bhuchanga adsimilis*, fam. *Dicruridae* en op *Grauculus caesius*, fam. *Cuculidae*; herk. onseker, maar wsk. Hott., vlgs. Hott. oorlewing bet. “duiwels=voël”, dog misk. verb. m. Hott. *goura-p* en *t<sup>g</sup>guraa-b* (in Na. en Kor. *gora-b*), “kraai” (Nien HOTT s.v. **kraai** en **witkraai** 1).

**katdoring** v. **aspersie**.

**katel:** “bed”, by Trig *katel* (1Ro T DLT 242), in Kaapse Stukke *kadel* (Frank TB 206, No. 81), by Joh. Duminy *caatel* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 4); dit het wsk. deur seemt. na S.A. gekom (vgl. Bog I 402 *katel*; Stav II 46 *kadel*; Men (Greenlees 26) *catel*; Ndl. (sedert vroeg 17e eeu) o.a. *catel(l)/catil/kadel* (Bosm AMP 58, Bosh VT en EWA en Hob-Job s.v. *cot*) wsk. via Port. uit Tam. *catel/catle* — nie in WNT nie.

**katgai** v. **gatgai/tatgai**.

+**katiet**: “kindermelkfles met drinkspeen”; Ndl. *tet* (dial. *tiet*) met *ka-* vooraan, wsk. in koll. sin, d.w.s. die hele tietapparaat, bv. *was die katiet* (fles en speen) *en vul die bottel met melk*; vroeër nog meermale gehoor.

**katjang(boontjie)**: vrug- en pln. (*Arachis hypogea*, fam. *Legumino-sae*); Ndl. *katjang* (vRieb se spelv. *cadjangh* kan dit laat verwar m. **kadjang** I (q.v.)) uit Mal. *katjang*, “peulvrug” — vRieb en 17e-eeuse *katjang* is eint. *katjang tanah* (*tanah*, “aarde, grond”), “grondpeulvrug”, dan ook reeds in S.A. by Trig verdring d. *gront boontjes* (1Ro T DLT 238), ons *grondboontjies*, en na die 17e eeu in Nederland deur **pinda** (q.v.); veral by Kaapse Maleiers nog bek. *katjang goreng* (Mal. *goreng*, “gebak”) v. “geroosterde grondboontjies”.

**katjie** I: dim. v. *kat*; Ndl. *kat*, Eng. *cat*, Hd. *katze*, deur Germ. tale ontl. aan Lat. *cattus* (ml.) en *catta* (vr.).

+**katjie** II: naam v. 'n Sji. gewig en geldgewig wat in die Ndl. handelsgebied in d. Ooste ingevoer is; in Mal.-Jav. het dit *kati* geheet, in Port. en Sp. is dit *cate* genoem, in Ndl. *katti(e)* en *katje* en in S.A. het hierdie volkset. vorm blb. ook bek. gestaan as *katjie*, vgl. WNT VII 1825 s.v. **kati** en Hob-Job s.v. **catty**; reeds by vLin as *catte*, in S.A. by Adam Tas.

**katjeepering**: blom- en pln. (*Gardenia jasminoides*, wilde — , *G. thunbergia*, fam. *Rubiaceae*); reeds by Kol P (318) as *kaezsche-byring* (v. Frank TB 134), uit Mal. *katja-piring* (Mal. *katja*, “glas; blink oppervlak”, en *piring*, “skotteltjie; gekelkte blom”, ong. “wit blom”; v. ook **piering**).

**katjietee**: versk. plante (by Mar s.v. *katjetie* is dit *Babania stricta*, fam. *Iridaceae*; by Pet A s.v. *katje thee* is dit *Gladiolus angustus*, soos ander gladiolusse seker ook fam. *Iridaceae*, en vWiel (198) gee dit sonder ident. op); hou dit verb. m. Eng. *tea-caddy*?; vgl. Ndl. *theekatje* (WNT VII 1826 s.v. **kati**), asook Afr. *boskousterie* en *kouterbos*.

**katjoema** v. **tjoema**.

**katlagter**: voëls. (*Erythropygia/Tychaedon coryphaea*); bommeksim (tydens Tweede Vryheidsoorlog, 1899–1902); in albei gevalle kn., opvallend is vorm m. *-ter* (vgl. *ambagter*, *jagter*, *slagter*, *vister=man*).

**katnaels** v. **inkblom**, **rooipop**, **skilpadblom**, **soetkop** /-**pop**.

**katonkel:** — *agonkel* (WAT)/*katunker* (Pet A)/*katunka* (Bryden by Pet A) — versk. viss. (*Scomberomorus commersoni* of *Thynnus pelamys* hoort, soos *agonkel*, by die makriële, fam. *Scombridae*, waarby ook die albakore en boniete, maar d. blouboniet (*Sarda sarda*) ressorteer onder die fam. *Thynnidae*, en d. *Caranx forsteri* weer onder d. fam. *Carangidae*, terwyl versk. v. hulle verb. het met d. Natalse soort wat by d. snoeke tuishoort en as *barracouda*/*barracouta*/*barracuda* bek. staan; Pet A beroep hom op J. Crawford se Mal. Gram. en Wdb. (van 1852) vir afl. v. Mal. visn. *ketung*, egter nie in geraadpleegde Mal. wdb. te vind nie; vlgs. Bid 144 Mal. *kentangkai* (misk. ss. v. *katjang-* (Mal. *katjang-katjang*, “jong snoekie”) en *-ikan*, “vis”, dus *katjang-ikan*, (lett.) “snoekvis”.

**katools:** “bronstig, loops” (ook v. mense gesê); hou wsk. verb. m. Ndl. *kat(h)olie* en wel m. vorme *kat(h)olieks(ch)* en *kat(h)olisch*, Hd. *katholisch*, in OFri. *katôlsk*, ook in ongunstige bet. (tDK), v. ook wdv. **jools** en **spanjool**.

**katot:** — *kators* — , (dial. v.) “netjies, punteneurig, tradiesievas, trots”; hou wsk. verb. m. die eien. v. ’n 19e-eeuse It. edelman, Rocco Catoggio/Catorzio, in S.A. getroud m. ’n nōi Theron, wie se enigste dogter m. Abraham de Villiers getrou het en in hulle nageslag by die fam. De Villiers die oupa se familienaam as voornaam en bynaam voortgeplant het in die “volkse” uitspr. as *kators*/*katot* in genoemde bet. deurdat d. fam. die oubaas se trotse tradisie in die samelewing gehandhaaf het.

**katotter(mannetjie) v. totterman(netjie).**

**katrol:** “takelblokskyf”; Ndl. (sedert 16e eeu) *katrol* (Lmnl. *catarol*/*caterol*/*catrolle*, by Kil *katerrol(le)* naas *katershooft*); Ndl. en Ned. *katblok* en Eng. *cat-block* dui op ss. v. *kat* en *rol*, maar in Ndl. en in Vl. is die ml. v. *kat* resp. *kater* en *katrol*, sodat *katrol* ’n versluerde ss. v. *kater* en *rol* (soos by Kil) kan wees of net ’n sem. verskuiwing v. *katrol*, “katmannetjie” — wat die herk. ook al, is Fr. *cadrolle* en mntl. Ned. *katrulle* wsk. aan Ndl. ontl., misk. deur die seemt.

**kats I:** uitr. i. Afr. om ’n kat (v. **katjie I**) weg te ja, terwyl **kietsie** (q.v.) gebr. word om ’n klein katjie aan te roep; die *-s* eis ’n verkl.; Gron. het *kats* (Mole 193) en Fri. *kaets* (Dijk 34); sou Hd. *katze* en/of Fri. *katsje*, “katjie”, ook invl. daarop gehad het? NSo. *katse*, “kat”, het te laat gekom om alg. gebr., frekw. en ouderdom te kan verklaar; v. ook **kats II**; *katse* kan in Bant. aan Afr. ontl. wees.

**kats II:** “gesel, tugwerktuig”; Ndl. *kat*, mntl. deur soldt. en seemt. onder Du. invl. (Hd. *katze*) ingevoer; die *-s* eis hier, soos by **kats**

I, 'n verкл., en ook hier het Xh. *uku-katsa*, “met die kats slaan”, wsk. te laat gekom om alg. gebr., frekw. en ouderdom te kan verкл. Sowel by **kats** I as by **kats** II is die betrokke wd. in Bant. wsk. aan Afr. ontl.

**katsels**: volkset. in d. kindt. v. Eng. *castles* in spel met begeleidende wd.: *Castles are blue* (v. **ablou**); die kinderverbeelding het *katsels* mntl. met *kat* (misk. selfs m. **kats** I) verbind en mettertyd *kat* deur *hasie* vervang — vandaar *hasie-ablou*.

**katstert** v. **rumanaggie**, **veertjie**.

**katswink**: — *katswing* —, “duiselig, flou” (gew. bw., soms b.nw.), by Trig “aan *katswink* geslagen” (1Ro T 94, 242; Prel (189) se *kwatswink* mntl. foutief); Ndl. *katzwijn*, “beswyming, floute”, hoewel ontw. v. Ndl. s.nw. *zwijn* tot Afr. bw./b.nw. *swink* nog nie duidelik is nie, tensy Ndl. *zwenken*/Afr. *swink* daarby volkset. 'n rol gespeel het (vgl. 1Ro T BKA 116 en Scho TWK/NR 7, 2, p. 4).

**katunka/katunker** v. **katonkel**.

+**kaveer**: “lawaai maak; pleit, redeneer; stry, twis”, by vWiel (163) en uit jare 1862 en 1875 by Scho TWK 14, 1, p. 18; Ndl. (sedert 16e eeu) *caveeren/kaveren*, “moeite doen vir . . .”, ontl. aan Lat. *cavere*, “op die hoede wees”.

**keb**: “huurruytuig” (d. perde getrek, tans grotend. vervang deur *huurmotor*); Eng. *cab*, verk. uit *cabriolet*, dim. v. Fr. *cabriole* (v. **kaperjol**).

**keer**: ww., “stuit; terugja” (vgl. *voorkeer*; *aankeer*); Ndl. *ke(e)ren*, “afweer” (vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 5); hoof. Germ. wd.: met Mnl. *keren*, Hd. *kehren* en enkele Onfr., Os. en Ofri. vorme is byna alles gesê.

**kees**: (gew. i. uitdr.) *dis klaar met kees*, waarby wsk. meest. gedink word aan Kees (ook Ndl.) as naam v. 'n aap of bobbejaan, maar in Ndl. lui dit: *klaar is Kees*, waarby blb. meest. aan 'n persn. gedink word, hoewel *kees* ook 'n dial. Ndl. vorm v. *kaas* is (Kloe HGA 293, 304), vgl. Afr. *kês*.

**keeuvoël** v. **kouvoël**.

**keiappel** v. **ka(a)jappel**.

**keil** I: wig; Nnl. *keil* uit Hd. *keil* (Ohd. *kidel*, dial. Hd. *keidel*, albei “wig”, so ook *kiel* b. Kil), gew. word verb. m. *kiem* aan-geneem, maar omstrede.

keil II: “hoë hoed, pluishoed/-keil”; Mans (KHI) het blb. reeds gedink aan Ndl. *keil*, “wig”, toeg. op d. driekantige sg. “steek”, wat later vervang is deur d. “hoë hoed”, waarop dié naam oorgegaan het, deur WNT (VII 2060-1) aanvaar; Frank (TE 8-9) beskou *keil* egter as ’n ontr. v. *kuil* en kan in ’n mate gelyk hê, maar aandag verdien ook die vlg. verkl. v. Berkhey (NH III 552, verskyn tussen 1769-1811): “Dusdanig een Hoed . . ., heette men naderhand, schertsender wyze, wel eene Teil; vermits ze, omgekeerd zynde, naar eene soort van holle kom of schotel zweemde” (WNT XIV 926 s.v. *schotel* I) en *teil* kan vlg. WNT (XVI 1370-1) o.a. op d. vlg. toeg. word: emmer, ketel, kom, puts, skottel, sodat ons in *keil* mntl. ’n volkset. vorm v. *teil* het of ’n kontamv. v. *teil* en *kuil* (met byg. aan *keil*?). Die Eng. liedjie wu. d. Afr. “Waar het jy daardie hoed gekry? Waar kry jy daardie kijn?” (vroeeër so gespel) vert. is, het ook *tile* vir “hoed” en bevestig Berkhey se verkl.

+**keisiegat**: “gat om wild in te vang”, by Wik *kaysi* en by Bur *'kysi-gat* of *tkysi-gat* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 5); Hott. — Kroen gee dit v. Bergd. aan as *!geisi-b* (Nien HOTT s.v. *wildsgate*); v. ook **vanggat**.

**keita**: pln., ook bek. as *as(se)gaai-/naaldbos(sie)/wilderabas* (*ssp. Monsonia*, fam. *Geraniaceae*); wsk. Hott., by WAT onder *wv. geita/ghaita/gheita*, daarby by Watt-BB (1303, 1416) *keita/neeta/nceta*, verskyn as mntl. ontln. aan Hott. in Xh. as *i-gqitha*; misk. is *nceta* ’n poging om Hott. wd. by spelling v. Bant. aan te pas, want daar is in Bant. ook ’n voëls. bek. as *nceta* (q.v.), v. **nceta** I en II.

**kejakker**: *kerjakker* — , “baljaar, ravot, speels stoei”; sluit in bet. nouliks aan by Ndl. *jakkeren*, “voortjagen, onbehoorlijk hard rijden”, maar beter by frekw./intens. dial. Ndl. *jakk(er)en* (by *jagen*) in bet. “ravotten”, Hd. *jacheren*; vir Afr. anl. *ke-/kermin* vglb. in Ndl., tensy Ndl. *karnoffelen*, wat tewens enigins in bet. aansl., iets bied.

**kekkel**: die geluid wat henne maak; Ndl. *kakelen* (Mnl. en dial. *kekelen*), Eng. *cackle*, kn.

**kelder** I: s.n.w., “bêreplek” (bv. v. voedsel); Ndl. *kelder* (Mnl. *ketre/keller/kelder*), Hd. *keller*, Eng. *cellar*, uit Lat. *cellarium* (v. *cella*, “provisiekamer”) tot i. d. 17e eeu nog gew. onder d. woonvloer (soos nog i. d. Onderveld), dan kom reeds i. d. 17e eeu, veral i.v.m. die wynhandel, in gebr. d. *wynkelder*, kortweg *kelder* genoem (soos nog i. d. Boland en reeds by vRieb *cruyt=kelder, melckkelderken/-keldertjen*) as afsonderlike gebou; vroeeër ook gebr. in bet. “kantien, trommel”, soos waar vRieb bv. mense uitstuur met o.a. ’n “kelder met 4 tinne flessen Spaens- ende brandewijn”: hou ook verb. m. *kelner* (in die 19e eeu) uit Hd. *kellner*.

**kelder II:** ww., “skepe laat sink, na die diepte laat gaan”; in Ndl. word *kelder* in hierdie bet. gew. nie as oorg. ww. gebruik nie, wel dat skepe en mense na die kelder gaan/vaar, d.w.s. “sink, vergaan; verdrink”.

**kelkiewyn:** voëls. (*Pterochurus alchatus/namaqua*, fam. *Pteroclididae*), kn.

**kelner v. kelder I.**

**kemphaan:** (eint.) voëls. (*Pavonella pugnax*, fam. *Scolopacidae*); Ndl. *kemphaan* (sedert 17e eeu), later op ander veglustige voëls toeg. en ook op mense; die wd. hou verb. m. **kamp II** en die ww. daarby, “geveg; veg”, d.w.s. *kempen* naas *kampen*.

**ken I:** ww., “begryp, verstaan, weet”; Ndl. *kennen* (Mnl. *kennen*, eint. kous. v. *kunnen*, vgl. **kan II**), Hd. *kennen*; in Got. nog (*ga-* en *us-*) *kannjan*, “bekend maak”, vgl. ook Eng. *ken*; verder verb. m. afl. *be-*, *er-*, *her-*, *ont-* en *verken*.

**ken II v. kin.**

**kennetjie:** dié kinderspel m. slaanstok en skuinsgepunte pennetjie is oud, in versk. lande en tale en onder talryke name bek. (v. dCo-Tei 36-46 en Dro 90-1), maar geeneen daarvan gee 'n leidraad t. verkl. v. d. naam wat Bor (21) al voor die end v. d. 18e eeu op Stellenbosch geken het nie; Scho (TWK/NR 7, 2, p. 5) wys op OFri. *kunje* (uit Fr. *cone*, uit Lat. *conus/cuneus* by tDK II 405) en op Gron. *koanje* (by tLa NGW 438); misk. ook te dink aan Ndl. *kien(e)*, “wig” (WNT VII 2785 s.v. **kien IV**); daar is ook gedink aan verb. m. d. menslike *ken/kin* van waar die stokkie soms weggeslaan moet word (v. dTo S TVV XVIII 2).

**kenta:** — *kentag/kentang* —, “bang, huiwerig, onwillig om voort te gaan” (veral v. kinders by spel gesê, maar ook ruimer gebr.); Mans (KHI) gee dit op s.v. *grijs*, en WAT het s.v. *grys* o.a. dial. *grys speel* in bet. “kierang”, d.w.s. “oneerlik”, sem. vglb., maar verb. onduidelik; tot nog toe hoof. gelet op mntl. formele verb. m. *kinta* (Bosh VT en EWA; Malh DF AS 232), maar vrae bly nog onopgelos — misk. te dink aan Mal. *kentjang*, “straf, styf”? dog nie bek. of dit die begrip “voorgewende terughoudendheid” inhou nie.

? **kerdontou:** sambokagtige slaanding (vWiel 138), by WAT *kar-donto(u)*; herk. onbek.

**kerjakker v. kejakker.**

**kerjoel:** — *krioel* —, “wemel”; Ndl. *krioelen* (sedert ong. 1600), o.a. Fri. *kryoelje*, dial. *kerjoele*, hou blb. verb. m. Ndl. *kribbelen*, *kriebelen* en *kriewelen* en Afr. *kriebel/kriewel* — oor verbg. *-ioe* in Afr. v. **kaperjol**.

**kern:** “binneste, hart; pit; beginsel, wesentlike”; Ndl. *kern* (Mnl. *ke(e)rne*), Hd. *kern*, hou verb. m. *koring*, mntl. ook verb. m. *karring* (q.v.) en m. *korrel* — Eng. *kernel* blb. dim. v. *corn*.

**kernaadjie v. karmenaadjie.**

**kernuiter v. karneuter.**

**kerrie:** st. kruie (v. d. kurkumawortel); Ndl. *kerrie/kerry*, Eng. *curry/currie*, Fr. *cari*, reeds by vLin *carryl* (uit Port. *caril* uit Kan. *kari*), terwyl vorme sonder *-l* uit Tam. *kari*, wat verb. hou m. ’n ww. wat “byt” bet.; uit datg. en dokg. in Ndl. en geskifte uit S.A. betoog Scho (TWK/NR 7, 2, p. 5–6) “dat kerrie nie via Engels in Afr. gekom het nie”; vgl. ook Bosh VT en EWA.

?+**kerriebollie:** — *ker(ra)bollie/gikkerbollie* — , “damesonderlyfie (soort keurslyfie) met stywe voorpante met balein daarin”; by sulke verbygaande modew. speel kontam. en volkset. ’n belangrike rol — kan misk. volkset. verb. hou m. Eng. *jacket-body* (v. **jakket, jakkie, jekker(t)**) en met **garibaldi/garibalie** (q.v.), mntl. selfs met *keurslyfie*.

**kerrierys v. borrie-/geelrys, rysbrensie.**

**kers I:** “ligbron”; Ndl. *kaars/keers* (Mnl. *caerse/ke(e)rse*), Pd. *kars/kers*, Hd. *kerze*, hou mntl. verb. m. Lat. *charta* (v. **kardoes, kartel II** en **kartets**) — vRieb het o.a. *kaers*.

**kers II:** gew. dim. *kersie*, vrug- en pln. (*spp. Prunus*), wilde soorte o.a. *spp. Euclea*, fam. *Ebenaceae*; *spp. Gardenia*, fam. *Rubiaceae*; *spp. Pterocelastrus*, fam. *Celastraceae*; *spp. Sarcocaulon*, fam. *Geraniaceae*; Ndl. *kers/keers(e)* (Mnl. *ke(e)rse/carse*), Hd. *kirsche*, Eng. *cherry* (Oeng. *ciris-*), vroeë ontl. uit Ll. *ceresia*, wat verb. hou m. Lat. *cerasea*, Gr. *kerasion*, “pitvrug”, en *kerasea*, “kersie=boom” — hieruit ook Fr. *cerise* en vorme v. Rom. tale — vRieb het o.a. *kersse/kersen/carssen*.

**kers III v. bronkors.**

**kershout v. swartbasboom.**

**kersten:** “tot Christen maak; doop”; Ndl. *kerstenen/christenen*, Eng. (*to*) *christen*, denom. ww. afg. v. Christus.

**kersvers:** “fris, splinternuut”; Ndl. *kersvers(ch)*, ouer Ndl. *kars=varsch/-versch*, eint. saamgetrek uit *kars(ch) ende vars(ch)/kers(ch) ende vers(ch)*, “fris en vars, fris en gesond”, hou verb. m. Mned. en Mhd. *karsch*, “fris, opgewek”, en On. *karskr*, “dapper, flink”; v. ook vers III.

**kerwel:** pln. (*spp. Anthriscus*, fam. *Umbelliferae*); Ndl. *kervel* (Mnl. *kervel(e)*), Hd. *kerbel*, Eng. *chervil*, uit Ll. *cerfolia* uit Lat. *caere-folium* uit Gr. *χαιρεphullon* (*χαιrein*, “geniet”, *phullon*, “blaar”, n.a.v. geur v. d. blare).

**kês:** “gekookte dikmelk”; ’n dial. Ndl. vorm v. *kaas* (v. **kees** — by vRieb nog *kees* vir *kaas*, v. Kloe HGA, kaart op p. 82); v. ook wei I.

**kesieblaar** v. **kiesieblaar**.

**kêskuiken:** “bog, snuiter” (oorspr. misk.) kuiken m. *kês groot*=gemaak, (tans) verkleinerend toeg. op ’n tienderjarige.

**ketting:** is in Ndl., behalwe in dial., digt. en tegn. taal, ’n gew. vorm en uitspr. v. ouer *keten*, Hd. *kette*, uit Lat. *catena*, terwyl Eng. *chain* via Fr. *chaîne* wsk. via Ll. *cadena* oorgeneem is — by vRieb *ketting(h)* en by Trig *kettang* (IRo T DLT 243); v. ook **veterbossie**.

**kgotla:** raadsaal, vergaderplek v. kaptein en sy raadgewers; Tsw. *kgotla*.

**khan:** Oosterse (Arab.-Pers.) titel; Ndl. *k(h)an*, Eng. *khan*, ’n titel wat “heer; meester; prins” te kenne gee en waaraan waardigheid verleen is d. Mon. e.a. vorste (bv. Djingiz Chan/Genghis Khan, vgl. Caesar — *keiser*).

**khedive:** titel v. vroeër Tur. onderkoning v. Egipte; Ndl. *khedive/ kedive*, Eng. *khedive*, Fr. *khédive*, Tur. *khedive* uit Pers. *kha-/khi-/khudiv*.

**kiaat:** hout- en pln.; Ndl. *kiaat, kiatenboom/-hout*, Soen. *ki djati*, Jav. en Mal. *kajoe djati* (*kajoe*, “hout”, *djati*, “goeie”) sedert vroeg 17e eeu in Ndl. bek. (by vRieb *kiaten planken*) vir variëteite v. wat sedert Linn as *Tectona grandis* bek. staan na die Tam. naam *tekku* (wu Eng. *teak*); in Austr. is *teak* ook toeg. op ander boomsoorte en in S.A. o.a. op *spp. Strychnos, Copaifera, Pterocarpus, Peltophorum*, ens. Afr. het *kiaat* (via Ndl.) en Eng. *teak* (via Ang.-Ind.) in die Ooste vir *spp. Tectona* gekry, maar uit en deur versk. tale (Bosh TWK/NR XI, 1).

**kibbie** v. **ghibbie**.

**kiek:** gew. dim. *kiekie*, “foto’tjie, portretjie”; na die naam v. d. Leidse Joodse fotograaf, Israel Kiek († 1899), wat veral studente=kiekies geneem het.

**kiel:** anders as in Ndl. (met o.a. bet. “kledingstuk; skeepsboom”), maar in mindere of meerdere mate in aansl. by Ndl. **kiel** (II, V en VII), “huisinham”, d.w.s. ruimte aan drie kante d. huis=mure ingesluit en soms vir voertuie gebr.

**kielie:** prikkelbare liggaamsdele liggies aanraak; Ndl. *kielen* naas *kietelen/kittelen* en *kilen/kidelen*, dial. ook *kiddelen* (Mnl. *kittelen*), Hd. *kitzelen*; hierby teenoor kinders Ndl. *kiele*, *kiele*, Afr. redupv. *kielie-kielie* (waarby *-ie* by ww. as 'n soort dim. aangevoel word, vgl. ook Afr. ww. *poottjie*).

**kiem I:** lewensaanleg/-beginsel, bevrugte sel, biol. siekteoorsaak, bron; Ndl. *kiem* (Mnl. *kieme/kijme*, by Kil *kiem*), Hd. *keim*, ander Germ. en Idg. verw. in bet. "pit, murg", ens.

**kiem II v. kim.**

**kiepersol:** ook bek. as *nôiensboom* en *sambreelboom* (*spp. Cussonia*, fam. *Araliaceae*); sedert vroeg 17e eeu, nie net in Ndl. geskifte oor die Ooste nie, maar ook by Vondel (1640), in reeks ww.: *kibe-/kiep(p)e-/kieper-/kippe-/kita-/kitte-/quitesol*, asook in Ang.-Ind. *kitti-/kittysol*, almal "sambreel, sonskerm", uit Port. *quita=sol*, "sonskerm", begin 18e eeu in vorm *cipersolletje* toep. a. d. Kaap op booms. (Scho TWK/NR 7, 2, p. 6), later *sambreelboom* n.a.v. ooreenkoms m. Oosterse verepluime — het vroue aan die Kaap meer dikw. as mans sambrele gedra en aanl. gegee tot naam *nôiensboom*?; v. ook **waaiboom**; **oemgesisa**.

**kierang v. kurang.**

**kierie:** "(wandel)stok"; Hott. reeks ww. *karrie/keeri(e)/keree/kerry/kierie/kirri/kirry/kurie* (vgl. Na. */karu-b* en */karu-s*, Kor. */kauru-s*), vindplekke by Scho (TWK/NR 7, 2, p. 6) en by Nien (HOTT s.v. *kierie II*).

**kieriehout:** pln. (*Rhus laevigata*, fam. *Anacardiaceae* — Mar (49, 116), so ook by Scho PD 86).

**kies I:** s.nw., tand; wang; Ndl. *kies* (Lmnl. *kiesetant*, *kiese/keese* soos o.a. by Kil wsk. Holl.-Fri., naas S. *kuyse/kuse*; hou verb. m. Ndl. *kauwen*, Afr. *kou*, Eng. *cheek*, *chew*, Hd. *kauen*).

**kies II:** ww., uitsoek, voorkeur gee aan; Ndl. *kieszen* (Mnl. *kieszen*), Hd. *kieszen*, Eng. *choose*, Got. *kiesan*, hou verb. m. Lat. *gustus*, "proef, smaak", Gr. *geuō*, "ek laat proe", *geuomai*, "ek proe", ook m. *keuse* en wsk. ook m. *kus* (in verbg.: *te kus en te keur gaan*).

**kies III:** b.nw./bw., betaamlik, fyngvoelig, kieskeurig; Ndl. *kies(ch)*, by Kil *kies*, "kieskeurig", wat verb. hou m. Lmnl. *kieselijc*. "kieskeurig", en m. **kies II**.

**kies IV:** s.nw., geol. term (soos in *ysterkies*); wsk. geabstr. uit *kiesel*; Ndl. *kiezel* uit Mnl. *kieselsteen* m. *kiesel* = Hd. *kiesel* naas *kies*.

**kiesieblaar:** — *kesieblaar* — , pln. (*spp. Malva*, fam. *Malvaceae*); Ndl. *kaasjesblad/keesjesblad* (by vRieb *kaesjens bladeren*), v. kees en kês.

**kiets:** gew. met, selde sonder, slot-*s*, “gelyk”; Ndl. *kiet/quitte*, dial. *kwijt* (Mnl. *quite*), Hd. *quitt*, Eng. *quit* via Ofr. *quite* uit Lat. *quietus*, “stil, rustig” — *kiets* en *kwyt* aanv. wv., ten slotte doeb.

**kietsie:** klein katjie; aanrv. vir ’n kat(jie); dial. OFri. *kitze/kieze* (tDK 187), Kloe (HGA 139–40) meen egter dat dit in S.A. ontstaan het; v. ook *kats* I.

**kikoejoegras:** bep. grass. (*spp. Pennisetum*, fam. *Gramineae*), ver-noem na d. Kikoejoe/Kikuyu v. NO.-Afrika.

**kikvors:** — (dial.) *kirkvors* (vWiel 173, 183)/*krikvors* (vWiel 142) —, (minder gebr. v.) padda; Ndl. *kikvors(ch)* na Kil wat *kickert* vermeld en dit Holl. en Fri. noem (Fri. het dan ook *kikkert*); eerste lid kn. en tweede is *vors* I.

**kim I:** — *kiem* — , witterige beslag op vloeistowwe, ingemaakte vrugte, konfynt, ens.; Ndl. *kiem/kim/kien* naas *kaam/kaan*, vroeër as NHoll. beskou in vorm *kiem*, tans met oog op Ned. *kim* en OFri. *kīn* as ablv. v. *kaam/kaan* opgevat.

**kim II:** gesigseinder; Ndl. *kim*, “horison” (Mnl. *kimme*, soos Eng. *chimb/chime/chine*, “rand v. ’n vaatjie”), beperkte gebrs. en as mntl. Ingw. beskou.

**kin:** — *ken* — , onderpunt v. aangesig; Ndl. *kin* (Mnl. *kin(ne)*), Hd. *kinn*, Eng. *chin*, hou verb. m. Lat. *gena/genu-* (in *genuinus*), “wang”, Gr. *geneion*, “kin”, *genus/gnathos*, “kaak, kinnebak”.

**kina:** bas v. d. kinaboom (*spp. Cinchona*, fam. *Rubiaceae*); Ndl. *kina* via Sp. uit Peru. *kina/quina*, daarnaas redupv. *kina-kina/quina-quina*, “bas v. bas”, d.w.s. “beste bas”, wu. Fr. *quinquina* en uit die alkaloid v. *kina* kry ons naam v. geneesmiddel *kinien*.

**kind:** afkomeling v. menslike ouers; Ndl. *kind* (Mnl. *kint*), Hd. *kind*, verw. aan Lat. *gens*, “geslag”, *gigno*, “ek verwek”, Gr. *gignomai*, “ek word gebore” — nie verb. m. Eng. *child* nie.

**kinderbessie v. noetzung, ouhout, witylyf.**

**kinta:** aanspreek- en sg. ‘kosevorm’ v. *kind*; Ndl. ou dim. *kintgen* kon misk. ’n rol gespeel het, maar dgl. affekgelaaide vokfv. mntl. te besien i. d. lig v. Verde (131–5) se verkl. v. *kyn(t)s* by Bredero — Afr. het sulke vorme met *-s* (q.v.): *mams*, *paps* (ook Ndl.), ander met *-a* (q.v.): *boeta*, *kinta*, ander met *-a* en *-s*: *gatta*, *gats* en nog ander met *-a* of *-s*: *honma* — *kats* — ’n verskynsel wat verdere bestudering vereis.

**kiosk:** tuinhuisie; verkooplokaaltjie; Ndl. *kiosk* (blb. 17e eeu), Eng. *kiosk* (1625), Fr. *kiosque*, uit Tur. *kiushk/kiouchk*, “pawiljoen”.

**kirkos:** (dial. v.) “koggelmander” (vWiel 173, 179); hou dit misk. verb. m. Na. *!aro-s* (vgl. Engelbrecht se *!ara-kho-s* en *!ara-kho-b* by Nien HOTT s.v. **koggelmander**)? mntl. m. byg. aan dial. *kirkvors* (vWiel 173) vir *kikvors*?; v. ook **kargop**.

**kirkvors v. kikvors.**

**kis:** doos, houer, koffer (gew. v. hout en plat, met deksel); Ndl. *kist* (Mnl. *kiste*), Eng. *chest*, vroeë ontl. aan Lat. *cista*, Gr. *kistê*, “doos, geldkissie”; vgl. **kas I** (nie verw. nie) — by vRieb *kist(en)*.

**kitaar v. ghitaar.**

**klaasasgat v. arrie II.**

**klaaslouwbos v. kouterbos.**

+**klamaai:** drek (veral v. honde en katte), ss. *katteklamaai* = *hondekatjoema*, dié twee wd., deur *en* verbind, ong. “vieslike gemors”; Ndl. *klamaai/klamei/klemei/kalmei* (WNT VII 3358), ook ss. hiervan m. *honde-/honne-/houne-* in Ndl. en dial. — tweede lid hou misk. verb. m. **kalmyn/galmei** (q.v.), soos *klamei* aan aptekers en geneesh. bek.

**klamaat:** (dial. v.) *klimaat*, wsk. deur byg. aan *klam(mig)heid*.

**klapklappertjie:** voëls. (*Megalophonus apiatus*, *Mirafra apiata*), naam kn. (n.a.v. klapgeluid m. vlerke as hy opstyg), vgl. Scho PD 59.

**klapper I:** praatjiesaandraer, skinderaar; kruitbuisie vir kinderpret; Ndl. *klapper*, hou verb. m. ww. *klappen* (Mnl. *clappen*), Ned. *klappen*, Hd. *klappen/klaffen*, Eng. *clap*, almal wsk. kn.

**klapper II:** vrug-, olie- en pln. (*Cocos nucifera*); Ndl. *klapper* (soms verlat. as *calappus*) uit Soen. en Mal. *kelapa*, in Ndl. bek. en in gebr. sedert begin 17e eeu.

**klapperdop:** “kop”, by Wik en in Ndl. reeds begin 18e eeu (Scho TWK/NR 7, 2, p. 6); hou verb. m. **klapper II**.

**klappertjie/kloppertjie v. pinkpinkie/tinktinkie.**

+**klavesimbel:** outydse musiekinstrument, oumodiese piano; Ndl. *klavecimbaal/klavecimbel* (reeks Ndl. en dial. ww. in WNT VI 3606), Hd. *klavicimbel/-zimbel*, Eng. *clavicymbal*, Fr. *clavecin*,

ontln. aan It. *clavicembalo* of regstreeks aan Ll. *clavicymbalum*, hou verb. m. *klavier* en Lat. *clavis*, “sleutel”, en m. Ndl. *cym-/cimbaal*, Afr. *simbaal* (via Fr. *cymbale* verb. m. Lat. *cymbalum*, Gr. *kumbalon*) — by vRieb *claversingal* en *clavensingel*spel.

**kleim:** stukkie grond op delwerye vir bewerking, deur loting of andersins toegewys; Eng. *claim*, Ofr. *claime*, uit Lat. *clamare*, “uitroep”.

**kleingoed:** “klein kinders”, by Trig, tans ook in Ndl. (Scho TWK/NR 7, 2, p. 6).

**klêza:** uit d. koespeen i. d. mond melk (elders bek. as *tjoggem*); Zu. *kleza*, “milk into the mouth” (Doke-Vil).

**klimmeid:** sametr. v. *kleinmeid*, vgl. **klong**.

**klip:** harde massa v. grond- en/of mineraalstof; Ndl. *klip* (Mnl. *clippe*), in bet. “rots op land” (veroud.), as “rots in see” nog gebr. en in 17e eeu gew. — Afr. *klip* egter = Ndl. *steen* = Afr. *bak=steen* — Ned. en Hd. *klippe*, wsk. verb. m. Eng. *cliff*, i.s. ruimer toep. i. S.A. v. **baken**; by Scho (TWK/NR 7, 2, p. 6–7) datg. en dokg. van ss.: *klipbank/-gif/-grond/-heuwel/-huis/-koppie/-krans/-kuil/-rug*, o.a. van waarde i.s. gebr. v. *krans*.

+ **klipkont:** soort seeslak (*spp. Patella*, fam. *Patellidae*), by vRieb *klipkonten* (v. **kont**); vgl. Scho PD 37.

**klipkous:** vlg. vWiel 127 — *perlemoen*, dan ook = *perlemoer*.

**klipsweet** v. **das(sie)pis**.

**klisma** v. **enema**, **lawement**.

**klits:** pln. (*spp. Setaria*, fam. *Gramineae*; *spp. Achyranthes* en *Cyathula*, albei fam. *Amarantaceae*); Ndl. *klis/klits*, dat dit in Ndl. op allerlei wsk. nie-verw. grasse en plante toeg. word, is uiteraard nie bevreedend nie, ook nie dat Ndl. ’n enkele maal ’n hiperk. *klits* toon nie, wel dat Afr. in stryd m. Ndl. en sy eie normale patroon hier *t* voor slot-*s* het, vgl. egter ook **kiets** en **rits**.

+ **kloek** I: (boekw.) “bekwaam, dapper, flink, sterk, wys” (lg. in: *kloek wees* en *iem. kloek maak*, ook in Ndl. veroud., v. Scho TWK 14, 1, p. 19); Ndl. *kloek* (Mnl. *cloec*), Ofri. *klök*. “slim”, Hd. *klug*, “skrande”.

**kloek** II: “klank deur broeis hen gemaak; klank deur hen vir haar kuikens gemaak”; Ndl. *klokken* (Mnl. *clocken*), Ned. *klukken*, Hd. *glucken*, Eng. *clock/cluck*, hou verb. m. Lat. *glōcire*, “kloek” — die *oe* v. Afr. wsk. v. dial. Ndl. herk., Se. het bv. *kloek(e)* v. “kloekhen”.

**klôgoed v. klong.**

+ **klomp** I: "houtschoen" (aan die begin van hierdie eeu nog in die Boland bek.), Ndl. *klomp* (Mnl. *clompe*), Hd. *klumpen*, Eng. *clump* (in bet. "clog").

**klomp** II: "hoeveelheid, menigte"; Ndl. *klomp* (Mnl. *clompe*), Hd. *klumpen*, Eng. *clump*, almal in bet. "saamgedrukte massa, klont" — die Afr. bet. hoofs. in Ndl. dial. (sitate uit Trig en Gron. by Scho TWK/NR 7, 2, p. 7).

**klong**: dim. *klonkie*; sametr. v. *kleinjong* (vgl. **klimmeid**), by Trig nog *klijnjong*, "seun", 'n koll. (veral by Kaapse Kleurlinge in gebr.) is *klonggoed* (soms uitgespr. *klôgoed*).

**kloppertjie v. klappertjie.**

**klops**: ekv., (dial. v.) "Kleurlingvereniging"; Kl.-Afr. v. Eng. *club* (vgl. **benning**).

**kluitjie** I: dim., "klontje grond en/of klei", ens.; Ndl. *kluit* (Mnl. *clute*), Eng. *clout* in bet. "klont" (verw. aan *kloot*), hieruit wsk. ook Afr. *kluitjie*, "gekookte deegbolletjie/-klontjie", vlgs. Scho (TWK/NR 7, 2, p. 7) in Ndl. onbek., maar WNT (VII 4432) se weergawe daarvan as "klontje suiker" is onjuis.

**kluitjie** II: "grappie; verdigsel; leuen"; hou in uitdr.: *kluitjies bak/vertel*, en Ndl. *iemand met een kluit(je) in het riet sturen* wsk. verb. m. **kluitjie** I (vgl. Stoe NS en Malh DF AS), maar WNT (VII 4437) het bedenkinge; misk. te dink aan Mnl. *clute/cluyt* in bet. "klug" (by Kil *kluyte* naas *kluchte*, m. dies. bet., maar etim. nie-verw.), mntl. m. wisselwerking tussen *kluit* en *klug*.

**knaend**: "aanhoudend; ergerlik, tergend, vervelend", byv./byw. gebr. teenw. dw.. v. *knaag/knae* (Malh DF AS en Scho TWK 14, 4, p. 190); Ndl. *knagen* (Mnl. *cnaghen*), Eng. *gnaw*, wsk. ook verb. m. Eng. *nag* en Hd. *nagen*.

**knaks**: "gesteurd, kwaad, onvriendelik"; Ndl. *knak* (dial. ook *knaks(ch)*), vgl. Scho TWK 14, 4, p. 190), v. ook **haaks/haks**.

**knap**: bekwaam, flink; nousluitend; nouliks, moeilik; so pas", by Trig (1Ro T DLT 243) in bet. "moeilik, nouliks", in bet. "nouliks, so pas" by Scho (TWK 14, 1, p. 19 en veral TWK/NR 7, 2, p. 7-8); Ndl. *knap* (by Kil *knap* naas *gnap*, wat nog dial. voorkom), Hd. *knapp*, wsk. verw. aan Lat. (*g*)*navus*, "aktief", maar verb. m. Gr. *gnaptein/knaptein*, "wol kaard", word betwyfel.

**knapsak**: leersak v. d. vel v. 'n wildsbok (bv. vir veewagter om kos mee te neem; by Trig *knap sak*, vgl. 1Ro T DLT 243); Ndl. *knapzak* (by Kil *knap-sack*, in Ndl. veroud., maar nog in dial.)

**knapsakkerwel:** — *knapsekêrel/kaapsekêrel* (almal misk. volkset.) — ook bek. as **boesmanpyl** (WAT in bet. 2), *ounooi*, *wedevrou*, *wewenaar* (*spp. Bidens*, fam. *Compositae*), naam n.a.v. saadpennetjies wat aan klere vassteek en die draer pynlik kan prik; v. **knapsak** en **kerwel**.

**knater:** “*testiculus*”; Frank (TE 27) neem verb. aan met dial. Ndl. *knaterzak*, “los vrouesak onder boklere gedra; kossak” en vgl. *balzak*, maar misk. het dial. Ndl. *knar*, “knikker” (Boek ZV) meegewerk, vgl. Eng. gebr. v. *nut* en *stone* in bet. “*testiculus*”.

**knee v. knie II.**

**kneg:** (veral Bolands) “blanke plaasopsigter” (Scho TWK/NR 7, 2, p. 8); by vRieb *knechts* (waar Ndl. net dial. mv. -s het); Ndl. *knecht* (Mnl. *cenecht*), Hd. *knecht*, Eng. *knight* — in versk. bet. nog by Kil, tans veroud.

**knelter:** — (ouer) *kniehalter* —, s.nw. en ww., “halterriem digby knie v. perd vasbind om sy bewegings te kontroleer”; Ndl. *kniehal(s)ter*, gew. i.v.m. koeie gebr.; Ndl. *halster* uit *halfter* berus op *half-* in bet. “iets om mee vas te hou”, ong. “*hou*”; datg. en dokg. v. gebr. in S.A. in vorme *kniehalster* en *gekniehalsterd/-haltert/-helsterd* by Frank (TB 183 No. 7, 184, 186, 187) en by Scho (TWK/NR 7, 2, p. 8).

**knepeldik v. knuppeldik.**

+**kneutjie:** vlg. IVa HN ander S.A. naam v. *glas-oog* (v. Scho PD 42) en WAT (s.v. **glaasogie**, waar behalwe *glasoog* reeks ander name, maar daaronder nie *kneutjie* nie, en wel *spp. Zosterops*, fam. *Zosteropidae*); Ndl. *kneu* (nog nie by Kil nie, verb. m. *kneuter*, wel by Kil as *knoterken*, blb. *spp. Cannabina/Fringilla*, fam. *Fringillidae*), wsk. kn. (v. dVri J NEW), vgl. Ndl. *kneuteren*, “brom”; v. ook **karieogie**, **witogie**.

**knie I:** s.nw., mv. *knieë*, in sprt. soms ekv. *knieg* (na anal. v. gevalle soos *vlieg* — *vlieë*); Ndl. *knie*, mv. -*ën*, dial. *knies(e)/kniesen* naas *kniens/knienen* by ekv. *knien*), Hd. *knie*, Eng. *knee*, hou verb. m. Lat. *genu* en Gr. *gonu*, “knie”, misk. hoërop verb. m. *kin/ken*, in veronderstelde ouer bet. v. *kin/ken* en *knie* as “hoek” (d.w.s. “draai” of “hoek” v. bep. liggaamsdele).

**knie II:** — (hoofs. fig.) *knee* —, “deur druk tot deeg verwerk”; Ndl. *kned* (Mnl. *cneden*), Hd. *kneten*, Eng. *knead* — Afr. *ie* van dial. Ndl. herk., Eng. invl. of Bolandse *ie*?

**kniediep:** (lett.) bv. water wat tot aan die knieë reik; (fig.) “baie, erg”, bv. — *in die skuld*; “lank”, bv. — *voor dag* — Scho (TWK 14, 1, p. 19) gee vb. v. gebr. uit 1861 en vgl. Eng. *knee-deep* en Hd. *knietief*.

**kniehalter** v. **knelter**.

**knoffel**: — (ouer) *knoflok* — , uieagtige knol v. plant (*spp. Allium*, ook *wildeknoffel*, *Tulbaghia alliaceae*, albei fam. *Liliaceae*); Ndl. *knoflook*/*knoeflook* (deur diss. uit Mnl. *cloflooc*/*cluflooc*), Hd. *knoblauch*, eerste lid verw. aan Eng. *clove* en hou verb. met ww. *kliëf*/*kloof* (in huisies), tweede lid verw. aan Eng. *leek*, waarvan herk. hoërop onseker is.

+**knopedraaier**: bedrieër, misleier; Ndl. *kno(o)pendraaier* (eint. sol-datew.) blb. nog in gebr. — vb. v. veroud. Afr. gebr. by Scho TWK 14, 1, p. 19.

**knopkierie**: ss. van *knop* en *kierie* (q.v.), gebr. by Bor en Trig, asook in S.A. Eng. uit eerste helfte 19e eeu, by Scho TWK/NR 7, 2, p. 8.

**Knopneus(kaffer)** v. **Kaalkaffer**, **Sjangaan**.

**knorhaan**: viss. (*spp. Chelidonichthys/Trigla*, fam. *Triglidae*), Ndl. *knorhaan*/*gnorhaan*, Hd. *knorr*/*knurrhahn* — in Ndl. blb. sedert 17e–18e eeu in dies. toep. (vgl. Scho PD 10); naam kn.

**knuffel** v. **karnuffel**.

**knuppeldik**: — (minder gew.) *knepeldik* — , “vol” (by ww. soos *drink*, *eet*) en “baie; luid” (by ww. soos *lag*); blb. nie in Ndl. nie, maar Scho (TWK 14, 4, p. 190) wys op Hd. *knüppeldick*, en OFri. *knüppeldik*, misk. ook in Ndl. dial., maar ongedok.

**ko**: deur Nien op gesag v. Thun *hottentotswaterlemoen* (HOTT 312) genoem en as *Fockea glabra* geïd., maar Thun het *ku* geskryf en sy Eng. vertaler het *kou* daarvan gemaak, terwyl Scho (PD 46) op gesag v. Muir dit as *ko* weergee, by Nien (t.a.p. 312) as *ko* en (344) as *ko(e)* — misk. dan ook verb. m. tweede lid v. **kamko** (q.v.). *Ko* hoort blb. by die *baro*'s en die *kambro*'s, en daaronder is wortels, knolle en meloenagtige vrugte, party tuis by die fam. *Asclepiadaceae* en ander by die fam. *Campanulaceae* of *Cucurbitaceae*.

+**kobang**: — *koeban(g)* — , Jap. muntstuk; in Ndl. geskifte sedert begin 18e eeu ook as *coubang*, Jap. *ko-ban*/*coe-ban*, Jav. *gobang*/*kobang*.

**kobas**: booms. (*spp. Cissus*, fam. *Vitaceae*), in Damaraland ook bek. as *botterboom*, maar te ondersk. v. Klein-Karoo se *botterboom* (*Cotyledon paniculata*, fam. *Crassulaceae*); wsk. Da., Na. of Hott.

**kobba** v. **ghaap** I.

**kobêmelk:** vlgs. Krit e.a. se tweet. wdb. "milk made sour in skins"; dan wsk. verb. m. NSo. *kobô* (vlgs. Kriel se So.-Afr. Wdb. „kometers”, maar vlgs. sy So.-Eng. Wdb. “skin, blanket, coat, clothes”), dus eint. „vel-melk”— slotvok. v. *kobê* eis 'n verkl.

**kobobessie:** by vWiel (194) as vrug- en pln., by Pet A as *kooboo besjes* en by Mar (51, 53, 117) as *kooboo-/kububessie* (*Mystro xylon* (*Elaeodendron sphaerophyllum*, fam. *Celastraceae*); misk. verb. m. Xh. *u-koko* (by Krop wat verwys na *u-tywala bentaka*, waar verkl. word *Lantana salviaefolia*, “with purple edible berries” — *Lantana* behoort tot d. fam. *Verbenaceae*; verw. aan die bessie=home v. d. fam. *Celastraceae*?).

**kobra:** slangs., in S.A. veral *Naia haie*; Ndl. *cobra/kobra*, Port. *cobra* (sedert vroeg 16e eeu), hou verb. m. Lat. *coluber* (ml.)/*colubra* (vr.), “slang”; volkset. *koper* in ss. **koperkapel** (q.v.).

**kodlingmot:** vrugteplaag, ook bek. as *appelmot* (*Carpocapsa pomonella*); Eng. *codlin(g) moth* — *codlin(g)* uit ouer *querling*, wsk. uit Ie. *cu(e)irt*, “appelboom”.

**koe I v. koei.**

**koe II v. ko.**

**koecana/koecano v. guano.**

**koebaaï v. kabaai.**

**koeban(g) v. kobang.**

**koeboe v. ghaboe I.**

**koedoe:** antiloope. (*Strepsiceros strepsiceros/capensis*, fam. *Bovidae*); Ndl. *koedoe*, Eng. *koodoo/kudu*, uit Hott. (sedert 2e helfte 18e eeu o.a. ww. gedok.: *coe-/koedoe/koodoo/koudou/kudu/kuttu* (Nien HOTT s.v. **koedoe I en II**, wsk. = Na. ≠ *kudu-b* of ≠ *kudu-s*, maar weer daarin verdwyn, as ontln. bewaar in Ngu. as *i-ghudu*, ander Hott. name *gai-p/gei-p/chai-b/chai-s*, Na. *χai-b* (v. ook Scho PD 43, 48) · · verb. m. Na. ≠ *huru-b*, “koedoehoring; krygshoring”?)

**koëël:** — (ouer) *koegel/kogel* — , by Trig *oe/o* (1Ro T DLT 244) en in CMM v. 1872 nog *koegel* (Scho TWK 14, 4, p. 190); Ndl. *kogel/koegel*, lg. meer bep. NHoll. en Fri., by vRieb o.a. *coegel* (v. Kloe HGA 35–6), sodat Hd. *kugel*, hoewel nie uitgesluit nie, nie hoef mee te tel nie, en Lmnl. *coegele* 'n misleidende spelvorm kan wees met *oe* = *oo* (v. 1Ro T DLT 244).

**koei:** — *koe* (nog in ss. soos: *koervoet* en *seekoegat* naas *seekoeigat*) — ; Ndl. *koe* (reeds in Mnl. *coeye* as ekv. uit mv.), in 17e eeu en daarna, asook in Ndl. dial., *koei* naas talle ww.

**koejntjie** v. **ghoenghoentjie**, **ghoentjie**, **kon-kon**.

**koejawel**: vrug- en pln. (*Psidium guajava/guayaba*, fam. *Myrtaceae*); Ndl. *guave* (wsk. uit Wes-Ind., maar ook bek. in Oos-Ind.), Eng. *guava*, wsk. via Sp. *guayaba* uit 'n Wes-Ind. taal, — in Ndl. (sedert vroeg 17e eeu) o. a. by Dod (1608), dLae (1625), Dap (1680); vRieb het dié bome laat plant (GMS 146), aan Kol P bek. en daarna o.a. vermeld d. Val, Bog, Stav en Lic (Bosm AMP 60 en Bosh VT 190) — alleen Afr. het slot-*l* (vgl. *marakka/marakkel*).

**koekapan**: “spoortrollie”; Ngu. *i-ngqukumbana/-bane*, “stampwa” (Eng. ook “scotch cart”), reeds by Perr (in 1865), uit Afr. of regstreeks uit Ngu. ook S.A. Eng. *cocopan*; Nien (HOTT s.v. *ystervark I*) meen dat die wd. in Bant. mntl. verb. hou m. Hott. *ghoukou/ghoekoe* (Na. */khuwu-s* of */khuwu-b*, “ystervark”), maar misk. kn. n.a.v. die stampgeluide v. d. vervoermiddel.

**koekmakranka**: — *koekemakranka/bramakranka/kramakranka* — , plant(e) m. geurige peulvrug (*spp. Gethyllis*, fam. *Amaryllidaceae*); Hott. en o.a. in ww. gedok. d. Men, Thun, Bur en Kret (Nien HOTT s.v. **koekemakranka**; vgl. ook Bosh VT; Frank TB 198, 206 No. 76; Scho PD 45; Watt-BB 1397).

**koeksister**: — *koesister* — , “koek in kokende olie/vet gebak”; eerste lid seker wel *koek*, maar tweede kan *sisser* wees (iets wat in kokende olie *sis*) of *suster* (in Nederland word koekies i. d. vorm v. poppe gebak wat ondersk. *koekbroers* en *koekzusters* (vgl. vDal *zuster*, “zeker gebak”) genoem word — in eerste geval is epent. *t* en in tweede ontr. v. *u* tot *i* maklik te verkl.

**koeksoda**: dubbelkoolsuursoda; verv. v. *kooksoda* (vgl. Eng. *baking-/cooking-soda*), byg. aan *koek*, Bolandse *oe vir oo* of Eng. invl.?

**koelie**: “Asiaat, Indiër”; Ndl. (sedert 17e eeu) *koelie*, “gekleurde arbeider”, òf Voor-Ind. ras- of kasten. *Koli* òf Ind. *kuli*, “loon, huur”; indien nie regstreeks uit d. Ooste nie, dan kon Afr. dit uit Ndl. of via Eng. gekry het; v. ook Frank (TB 105–6).

+**koemaan**: — *koeman/koma(a)n* — , “soort wildevy(g)”, ook bek. as *bosvy(g)* (WAT), by Mar (51, 102) as *kooman* (vgl. Watt-BB 1394) en wel as *Ficus capensis*, fam. *Moraceae*; vlgs. Weh (v. *leerbas*) “wilde fyge, Hott. *kuman*” (omstreeks 1811), wat misk. beantw. aan Na. */noma-s*, “der wilde feigenbaum”.

**koemkwat**: — *koemkwot* — , vrug- en pln. (*spp. Fortunella*, fam. *Rutaceae*); Eng. *kumquat*, wsk. Sji. (vgl. Afr. *lukwart*, Eng. *loquat/loquot*).

**koenie:** vrug- en pln., by Mar (53, 116) *kuni* (*Rhus mucronata*, fam. *Anacardiaceae*); wsk. Hott. — verb. m. Na. //kuni-b?

**koenie-kannie v. kannie-koenie.**

**koenskap v. poenskap.**

**koerang v. kurang.**

**koerant:** “nuusblad”; Ndl. (sedert 17e eeu) *courant* (deftig)/*krant* (gew.), Eng. *current*, uit Fr. (b.nw.) *courant*, “lopend”, bv. *les affaires courantes*, “lopende sake”, dan gesubst. *le courant des affaires*, “die loop van sake”, d.w.s. “publikasie v. lopende sake, nuustydning, nuusblad”, hou verb. m. Fr. (ww.) *courir*, Lat. *currere*, “loop”.

**koerin v. beesrin.**

**koeroe v. ghoeroe II, gouroe.**

+**koeroebee:** “krummels, potaanbrandsels” (vWiel 156); Hott., verb. m. Na. ≠ *huru*, “(aan)brand”, of m. Na. /*huru*, “dik kook” (bv. meel, melk, ens.); daar is ook gedink aan Na. *khou*, “brennen” (Kroen 211b).

**koerskop/koenskap v. poenskap.**

**koeruit v. beesruit.**

**koesa v. goesa.**

**koesister v. koeksister.**

**koenskap v. poenskap.**

**koesnaartjie:** — *koesnaartje* (Mar 51, 108)/*koesnaatjie* (vWiel 52, 54, 55, 179)/*kos natjie* (Pet A, waar vb. v. S.A. Eng. *cos natchie* uit 1878), — vrug- en pln. (*Crassula columnaris*, fam. *Crassulaceae*); as Karooplant wsk. Hott., maar *kos-* as eerste lid by Pet lyk volks=et. en *-s* kan in ss. nouliks genusaanduidend (soos in Hott.) wees; is *r* in 2e lid (by Mar) oorspr. of nie? Aard v. ss. en herk. onseker; Afr. dim. *-tjie*.

+**koetie:** by Mans (KHI) s.v. *koeti*, “slag of klap”, met vraag of mntl. verw. aan Fr. *coup*; misk. eerder te vra of verb. m. Mal. *koeti*, “bekyf, bestraf, straf”, m. redupv. *koeti-koeti*, “herhaal-delik straf”.

**koewana v. guano.**

**kofia:** “fes”; wsk. regstreeks deur Kaapse Maleiers of via Eng. *kaffiyeh/keffiyeh* uit Arab. *kaffiyah/kufiyah* (Web).

**koggel:** “naboots, namaak; pla, spot, terg”; hou verb. m. Ndl. *guichelen/goochelen* (Mnl. *gökelen/göghelen*, by Kil *guychelen*, “*joculari, scurrari*”, d.w.s. “gekskeer”), hiernaas by dJa WFN I 294 ook *kogchelen/kogelen/koggelen/kokelen*, ook in WNT V 405 en VII 4849 as *kochelen* — Afr. het blb. ’n ou (dial.?) vorm bewaar.

**koggelaar:** voëln. (vroeër *Saccela oenanta*, nou *Oenanthe pileata*), afl. v. *koggel*, ben. n.a.v. feit dat hy ander voëls se klanke namaak (soos trouens ook (jan)fiskaal, kanariebyter of laksman), sy aanwesigheid by skape besorg hom d. naam **skAAPwagtertjie** (q.v.), vgl. Chap (II 351 en Gill).

**koggelmander:** reptiels. (*spp. Agama*, fam. *Agamidae*); wsk. kon-tamv. v. *koggelmannetje* (v. **koggel**) en (*klip*)*salmander*.

**koggelstok:** verbindingstaaf tussen die trense v. twee karperde; hou wsk. verb. m. **koggel** (q.v.) — die perde is reeds deur die *draaghout* en *draagbande* met mekaar “gekoppel” (dus geen verb. m. *koppelstok* nie), maar hulle moet belet word om bv. na mekaar te byt, d.w.s. *te koggel*; vgl. ook **koggelmander**.

**koghok v. ghoghok.**

**kokkedoor:** gew. voorafgegaan d. *groot*, ’n betr. jong wd. in Afr. in bet. “belangrike pers.; iemand wat homself as sodanig beskou” (vgl. Eng. VIP); vanweë nuutheid, vorm en bet. wsk. nie verb. (soos Scho TWK 14 1, p. 20 betoog) m. Ndl. *kakkadoor/kak(k)a=doris*, later verder gek. deur verlat. tot *Cocadorus*, nie, maar wel m. Fr. *coq d’or*, “haan van goud”, soos hedendaags i. d. restourantwese en i.d. joernalistiek gebr. Maar misk. het Ndl. *kakka=door/kak(k)adoris* nog voortgeleef i. d. tans veroud. *kokkedoor* in bet. d. Scho uit 1861 aang.

**kokkerot v. kakkerlak.**

**kokkewiet I:** voëls. (*Telophorus zeylonus*, blb. ook *spp. Laniarius*, fam. *Cuculidae*, vgl. Scho PD 61), eint. d. wyfie v. d. **bokmakierie** (q.v.); Ndl. *koekoek/koekuit* (Mnl. *coecoec/coccuuc/cucuuc/cuy=cuyc*), Eng. *cuckoo*, Fr. *coucou* (vgl. IVa se *couit-couit*), reeds in Lat. *cuculus*, almal kn.

**kokkewiet II:** bep. gogga i. d. volksgeloof wat die tone sny v. kinders wat kaalvoet i. d. modder of water loop, o.a. vereenselwig m. d. *mierleeutjie*, die *hotnotsgot*, ’n *waterkriek* (TVV III 3 — by d. Bant. *monyokolane*, vgl. End 337); wsk. verb. m. **kokkewiet I**, wat ook in Ndl. volksgeloof ’n rol speel.

**kôkôk** v. **ghôghok**.

**kolbroek**: varks.; na bewering na die naam v. d. skip *Colebrook*, uit d. wrak waarvan die eerste varke v. dié soort verkry is.

**kolhaas** v. **ribbokhaas**.

**kolibrie**: klein soort voëltjie uit Am. (*sp. Trochilus*, fam. *Trochilidae*); Ndl. *kolibrie*, Eng. en Fr. *colibri*, uit Kar. *col-ib(a)ri*, “glansende oppervlak”, t.w. van die heldergroen a. d. onderkant van sy kop.

**kolie**: — *kool* —, in: *by my kolie(waar)/by my kool*, bevestigende verst. v. bewering; Ind.-Ndl. (by Colenb DB 238 in 1637), Ang.-Ind. *cowle* (al vroeg 17e eeu by Hob-Job), wsk. via Mal.-Arab. *kaael* uit Arab. *kaul/qaul*, “plegtige gelofte/woord”.

**kollie**: honds.; Eng. *collie/colly* (vlg. NED en Ske ED (mntl dim.) uit *coaly*, d.w.s. “(steen)koolswart” - - die eerstes v. dié soort honde was donkerkleurig — maar vlg. Web (ouer uitg.) uit Gael. *cuilean*, “welp”. terwyl die nuwe uitg. geen verkl. bied nie (intussen die ander aanvaar?).

**kolokwint** v. **dortel(appel)**.

**kolstert** v. **das II**.

**kolwyntjie**: soort koekie, by Elf-Vil *kolombijntje*; Ndl. *kolombijntje* (vDal), vlg. oorlewering is dié soort gebak vroeër veral bedien op die sg. “naamdag” v. St. Colombino.

**koma**: bewusteloosheid; Ndl., Eng. en Fr. *coma* hou verb. m. Gr. *kōma*, “diep slaap” (ww. *koimaō*, “aan slaap maak”).

**koma(a)n** v. **koemaan**.

**kommaro(e)** v. **kambro**.

**komassie** v. **kamassie**.

**komers**: woldeken, sedert vRieb tot end 18e eeu o.a. *combaersen/combaarsen/combers* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 8); Ndl. *kombaars* (oudste vorm *combaerts* (die -s wsk. mv.) en sonder -m- die vorm *coopeers* by Rum III 114) het wsk. d. seemt. in Afr. gekom (vgl. *katel*, *kombuis*, ens.) en hou misk. verb. m. Port. *coberta*, “deken”; v. ook Kloe HGA 281.

**kombuis**: kookkamer (beantw. aan Ndl. *keuken*); Ndl. *kombuis* (sedert Kil uit Mnl. *cabuse*, “voorraadkamer; kookruimte op skip”), sedert vRieb tot end 18e eeu vorme en toep. by Scho

(TWK/NR 7, 2, p. 8 9), soos *komers* wsk. ook m. seemt. na S.A. gekom en hou verb. m. Eng. *caboose/camboose/camboose* en Fr. *cambuse* — eerste lid *kom-* uit **ka-** (q.v.)?; v. ook **kaboës**.

**kommando:** afd. burgers/soldate; Ndl. *commando/kommando*, “bevel”, uit Sp. *comando*, maar reeds in 1652 in Afr. bet. (WNT III 2075).

**kommissaris:** amptenaar by regspleging (bv. *Naturellekommissaris*); gevolgmagtigde v. ’n regering, ens.; Ndl. *commissaris/kommissaris* (blb. sedert 17e eeu) uit Ll. *commissarius* (afl. v. ww. *committere* in bet. “opdra, toevertrou”) — *voor kommissaris gaan* (van vroeër) — *voor die landdros/magistraat trou* (van vandag), vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 9. en *kommissarismaal* (van vroeër) = *huweliksonthaal/-resepsie* (van vandag), vgl. Scho (t.a.p.).

+**komplot:** 1. “sameswering”; 2. “aantal, groep, klomp”, lg. by Trig (IRO T DLT 244); in bet. 2 ook Ndl. *komplot* (WNT VII 5236–7 in bet. 2)).

**kompos:** gemengde plantaardige bemestingstof; Ndl. *compost/kompost*, Eng. *compost*, via (ouer en jonger) Fr. vorme *compost/compôt/compote*, uit Lat. *compositus*, “saamgestel”.

**compound:** huisvestingskompleks vir natuurlike by fabriek, myne, ens.; Eng. *compound*, wsk. uit Mal. **kampung** (q.v.) wat tans blb. besig is om *compound* in Afr. te vervang.

+**kon:** wortel- en pln., ook bek. as *pruimpie* (*Mesembryanthemum emarcidum/anatomicum*, tans *Sceletium anatomicum*); Hott., en was wsk. *!ko-n* naas *!go-b/!go-n* (v. Nien HOTT s.v. **kanna** = (wortel) II en **pruimpie**; Scho PD 46 en **kanna** II hierbo), maar dan moet Scho se vraag i.s. verw. v. *kon* en *kanna* wsk. ont-kennend beantw. word.

+**kondee:** haarwring; Ndl. (sedert end 17e eeu) *kondee/kondé/condee/condé*, uit ’n Oosterse taal, bv. Tel. *kundai*, Tam. *kondei*, Mal. *koendai*.

**kondem:** (plat v.) veroordeel; *gekondem*, veroordeel; verniel; Eng. *condemn*, uit Ofr. *condemner* uit Lat. *condemnare* (*con-* + *dam-nare*, “veroordeel; beskadig”); v. ook **filekondem**.

**kondor:** voëls. (*Sarcoramphus gryphus*, fam. *Cathartidae*); Ndl. *condor/kondor*, Eng. *condor*, via Sp. uit Peru. *cuntur*.

**konfyt:** vrugte met suiker tot pap, stukke of stroop (vgl. *moskonfyt* gekook); Ndl. *konfijt* (Lmnl. *confijt*, “ingelegde vrugte”) uit Ofr. *confit* uit Lat. *confectum* (afl. v. *conficere*, “voorberei”) — Scho (TWK/NR 7, 2, p. 9) wys op *konfyttertjies* by Joh. Duminy in vorm *comvyt tartes*.

- kongsi:** handelsvereniging, sindikaat; Ndl. *kongsi(e)*, Eng. o.a. *consoo-house* (Hob-Job), vlgs. sommige uit Sji. *kong*, “publiek(e)” + *sie*, “bestuur”, en vlgs. ander uit Sji. *kung-su*, “openbare saal”, waarin die *kung-sz*, “raad”, vergader.
- konjak:** brandewyntipe; Ndl. *cognac* (ouer ook *conjack*), na naam v. d. Fr. stad Cognac waar dit blb. die eerste uit wyn gestook is.
- konka v. tonka.**
- kon-kon:** soort akkedis/geitjie (vWiel 169); hou wsk. verb. m. Na. //on-//on-s, “eine art eidechse” (Kroen 279b); so ong. t.a.p.; v. ook **ghoenhoentjie**, **ghoentjie**, **koentjie**.
- konsistorie:** vergaderkamer v. d. kerkraad; Ndl. *consistorie/konsistorie*; wsk. via Fr. *consistoire* uit Kerklat. *consistorium*; in S.A. skertsende volkset. *konkelstoriekamer* uit 1875 by Scho TWK 14, 1 p. 20.
- konstabel:** — (sprt.) *konstawel* — , polisieagent; Ndl. *konstabel/konnestabel/konstapel* (Mnl. *conestavele*, m. dial. volkset. wv., by vRieb *constapel*), Eng. *constable*, wsk. via Ofr. *conestable*, uit Ll. *comes stabuli*, “graaf v. d. stal” (vgl. **maarskalk**), aanvanklik offisier v. hoë rang, later offisier of selfs onderoffisier, veral op kepe, nog later ook op land; uit Ndl. seemt. of via Eng. in Afr.
- konsuis:** — *kwansuis* — , oënskynlik, skynbaar; Ndl. *kwansuis*, met wv. o.a. *kwanswijs/konsuus/konsjuus/konsoois* (Mnl. *quansijs/quansuus/quans/quamsijs/quantses/quinsquans*) uit Ofr. *quanses/quainses/queinsi* uit Lat. *quamsi*, “asof”; v. ook **kwansuis** en **kwasie**.
- konsulent:** in Prot. kerke *locum tenens* vir afwesige/afgestorwe predikant v. naburige gemeente; Ndl. *consulent/konsulent*, hou (wsk. via Kerklat.) verb. m. Lat. *consulere*, “raad vra/gee”.
- kont:** “agterste, aars, *anus*”; ook “*cunus*”; Ndl. *kont*, “aars”, maar dial. (o.a. Fri., Gron. en Vl.) nog “*cunus*” (Mnl. *conte*, Meng. *cunte*, On. *kunta*); vgl. ook Eng. *cunt* en **kannie-koenie** hierbo.
- kontoer(wal):** sloot en wal op dies. peil teen hellings om erosie v. landbougrond te bestry; wsk. via Eng. *contour* uit Fr. *contour* uit It. *contorno* (uit Lat. *con-* + *tornare*, “(op ’n draaibank) draai”, hou verb. m. Eng. *turn*).
- kontrei:** “omgewing, streek”; klem op 2e letg. dui eerder op verb. m. Ndl. *kontrei* (Mnl. *contreie*, by vRieb *contreijen*) as m. Eng. *country*, albei uit Ofr. *cuntrée*, uit Ll. *contrata*, “teenoorliggende (land)”.

**kooi I:** “bed”; Ndl. *kooi*/(dial.) *kouw* (Mnl. *co(o)ye/couwe*, by vRieb *coy*, *kooijen*, *coylegerigh*, “bedlêend”), “hok vir diere” (bv. eende, skape); “slaapplek” (blb. ook v. mense), Ned. (sedert 1669) en dan ook Hd. *koje* (albei mntl. uit Ndl.), “slaapplek aan boord vir skeepsvolk” — in lg. bet. wsk. deur d. seemt. in Afr. gekom, maar meningsverskille oor herk. hoërop.

**kooi II:** — *kou* — , “voëlhokkie”; van dies. herk. as **kooi I** (vgl. Ndl. *kouw* en Mnl. *couwe*), maar alleen hier ww. *kou* en dan eint. doeb. v. **kooi I**.

**kool I:** groentes. (*spp. Brassica*, fam. *Cruciferae*); Ndl. *kool* (Mnl. *cole*), Hd. *kohl*, Eng. *cole* (nog in *coleslaw*, *colewort*), reeds i. d. Romeinse tyd ontl. aan Lat. *caulis*, “stingel” (later ook “kool”).

**kool II:** brandstof; Ndl. *kool* (Mnl. *kole*), Hd. *kohle*, Eng. *coal*, herk. hoërop onseker; gebr. i.p.v. *steenkool* wsk. ten onregte as Angme. beskou.

**kool III v. kolic.**

**koorsbossie v. swartstorm.**

**koorsteen v. skoorsteen.**

**koort:** (soms nog gehoor v.) “hof” (vgl. o.a. *jurie*, *juts*); vroeë ontl. aan Eng. *court* (Scho TWK 14 1, p. 20, met vb. uit 1830), uit Ofr. *cort* uit Lat. *cohors* (verboë *cohortem*), wat blb. sem. beïnv. is deur Lat. *curia*.

**koos:** “nagpot”; 'omgangsv. v. Jacobus/Jakobus; Eng. (sprt.) *jimmy*, dim. v. James (die ekw. v. Jacobus/Jakobus). Is die ooreenkoms toevallig of bestaan daar verb. en v. watter taal het dit uitgegaan?

**koovoël v. kouvoël.**

**kop:** “hoof”; Ndl. *kop* (Mnl. *cop(pe)*, “beker; harspan, skedel”), Hd. *kopf*, Eng. *cup*, Fr. *coupe*, It. *coppa* via Ll. *cuppa* uit Lat. *cupa* ontl., almal in bet. “beker” (vgl. Fr. *tête* uit Lat. *testa*, “pot”); gebr. v. *kopbeen* v. Ndl. *schedelbeen* reeds by Wik (Scho TWK/NR 7, 2, p. 9).

**koperdraad v. asgaaisteekgras.**

**koperkapel:** ook bek. as *kapelslang*; wsk. via Ndl. uit Port. *cobra de capello* (v. *kobra* en **kapel III** i. bet. “bakkop” (soos mantel); vLin se *cebra* (foutief v. *cobra*), P. v. d. Broeck se vroeë 17e-eeuse *cobra troppella* (by Saeg VI 83) en veral Daalmans se *kopere kapellen* (by dHa F Pri II 745) pleit vir vroeë ontl. en

ook in volkset. vorm via Ndl. (Bosh VT, so by Scho PD 24, maar verskil oor herk. v. volkset. vorm, en by sy segsmanne o.a. Stav (II 41) te voeg) — die naam leef nog in Kl.-Afr. *pelloe*, “slang” (Malh DF TWK I 2, p. 119), in Hott. reeds 1685 bek. as *hamachou* (vgl. Na. //hui-b of !humi-//hui-b by Nien HOTT s.v. **koperkapel**); v. ook Frank TB 153; asook *pelloe*.

**kopspeel**: ontst. uit: *met die kop speel* (van perde gesê; vgl. *korrelvat*, *spekskiet*, ens.), verl. dw. *kopgespeel/gekopspeel*, vgl. *kospeler* in vorme *kopspeelder* en *kopspeulder* uit 1861 by Scho TWK 14, 1, p. 20.

**Korana**: lid v. dié Hott. stam, soms net *Kora* genoem (ouer vorme *Korakwa* (by Bur) en *Coracoose*); d. vorm *Korana* bevat uitg. -n- v. d. pl. com. en die -a v. d. objektiv., in Afr. soms stapv. *Koranas* (vgl. *Namakwa-s* en *Bantoe-s*) — herk. onseker, indien nie na 'n hoofman nie (Arbousset), dan misk. verb. m. Kor. /gora, “rig, oordeel” (Bour) of m. Na. !gora, “kaal” (Kroen) waarby Kolonisten. *Kaalkoppe* v. 'n Hott. stam aansl., ander mntl. verkl. by Eng J TK 1-2.

**kordiet**: plofstof; Eng. *cordite*, verb. m. *cord*, “koord, string, tou”, via Fr. *corde* uit Lat. *chorda*, Gr. *χordê*, “koord”.

**korent**: — *korint* — , meest. mv., “rosyntjies v. 'n bep. druifstipe” (*Vitis corinthiaca*, fam. *Vitaceae*); Ndl. *krent* (ouer: *korent/korint*, Mnl. *corente*), Eng. *currant*, gaan terug op Fr. *raisin de Corinthe*, “rosyntjie v. Korinthe”, na die plek in Griekeland waar hulle vroeër uitgevoer is.

**korentebos** v. **rosyntjebos**.

**korhaan**: voëls. (*spp.* *Otis*, fam. *Otididae*); Ndl. *korhaan* (*spp.* *Tetrao*, fam. *Tetraonidae*), nog nie by Kil nie, naam wsk. kn. (Scho PD 11).

**koring**: bep. graans., in S.A. veral *duiskoring* (*spp.* *Triticum*) en *kafferkoring* (*spp.* *Sorghum*) — in *koring* sg. velg. (vgl. *doring*, *garing*, *horing*); Ndl. *koorn/koren* (Mnl. *coren/corene*), Hd. *korn*, Eng. *corn*, hou verb. m. **kern** (q.v.) en m. Lat. *granum* — Scho (TWK/NR 7, 2, p. 9) wys op ss. soos *koringbier* by Trig (*koorn bier*) en *koringsaaityd* by vRieb (*corensaaytijd*) waarvan lg. vorm ongew. in Ndl. en gew. in Afr. is.

**korint** v. **korent**.

**korswel**: s.nw. en ww., “grap (maak), skerts”; met *s* uit *ts* v. Ndl. *kortswijl* (sedert 17e eeu, vroeër *kortwijn*, Mnl. *cortwile*), wsk. met *s* onder invl. v. Hd. *kurzweil*, “tydverkorting” — by Trig *korswel* en *korswellen* (1Ro T DLT 245).

**+kortendag:** Dinnekort; uit ouer *kort en dage* (Scho TWK 14, 1, p. 20, met vb. uit 1870).

**kos I:** voedsel; Ndl. *kost*, “uitgawe; spyse” (Mnl. *cost(e)*, eint. “uitgawe v. spyse”, dan “spyse”), Hd. *kost*, Eng. *cost*, ontl. aan Ll. *costu<sup>s</sup>* (ml.)/*costa* (vr.), “koste”, uit Lat. *constare* (*con-* + *stare*, “staan”, lett. “te staan kom op; saamstaan”; hierby dan ook ww. *kos*, “aan prys bedra, te staan kom op”).

**+kos II:** ou vorm v. verl. tyd v. d. ww. *kan* (v. **kan II**), Mnl. *conste/coste*, by vRieb *coste* en *costen*.

**-kos:** bedoel word *kos* as laaste lid v. kompo., veral by pln.; Wh-Bo-SI 1134 beweer dat ben. soos *jakkalskos*, *skilpadkos*, *slangkos*, ens., in die taal v. d. Kleurlinge (en na hulle vb. wsk. ook ander inboorlinge en Blankes) nie altyd bet. dat dié plante deur dié diere gevreet word nie (behalwe in enkele gevalle en dan ook gew. in tye v. groot voedselskaarste), maar dikw. dat dié plante net goed genoeg is om deur die een of ander dier gevreet te word — dus bloot afkeurend.

**kosjer:** bruikbaar, geskik, suiwer (i.v.m. Joodse eetgewoontes); Ndl. *kauscher/koosjer/koscher*, Eng. *kosher*, uit Hebr. *kasher/käsjēr/kosheir*, ong. “wat aan rituele vereistes voldoen”.

**kosnaa(r)tjie** v. **koesnaartjie**.

**koste:** “prys, uitgawe” v. **kos I**.

**koster:** “kerkopsigter; begrafnisreëlaar”; Ndl. *koster* (Mnl. *coster/custer*) uit Ofr. *coustre* of regstreeks uit Ll. *custor* (*ecclesiae*), “beskermer, opsigter v. d. kerk”, uit Lat. *custos*, “bewaarder, voog”, vgl. Eng. *custodian*.

**kotiljon:** meest. mv., dans en begeleidende musiek; Ndl. *cotillon* (ongedat.), Eng. *cotill(i)on* (na mid. 18e eeu), uit Fr. *cotillon*.

**kou I:** ww., met tande fynmaal; Ndl. *kauwen* (Mnl. *couwen/cuwen*, naas *cauwen*), Hd. *kauen/käuen* (in *wiederkäuen*), Eng. *chew*, mntl. verw. aan *kief/kieu* (v. ’n vis).

**kou II:** — *koue* — , s.nw., teenst. v. hitte/warmte, verkoue; Ndl. *koude/kou* (Mnl. *coude*), Hd. *kälte*, Eng. *cold* — hierby ook b.nw. **koud** (q.v.).

**kou III** v. **kooi II**.

**koubeitel:** beitel om yster, ens., mee te kap; Ndl. *koubeitel* (by vRieb *coubeytels*), hou verb. m. **koud/kou** (q.v.) en **beitel** (q.v.), vgl. Eng. *cold chisel*.

**kouboe** v. **ghaboe** I en **ghoeboe** III.

**kouboom**: (dial. v.) bep. booms. (*Pappea schumarriana*, fam. *Sapin-daceae*, wsk. naverw. aan *P. capensis*, ook bek. as *oliepitte*), by Wik as *koouwboom* (Scho PD 43 voeten.), by vWiel as *t'kouboom* (149) en as */gou-boom* (168); wsk. Hott. (vgl. sin by Kroen (144) s.v. *haré*, nl. Na. "Geise hare//khou-n" (pl. cou.) . . . wat hy vert. as: "bringe viel //khou-kerne (ölig)" . . ., naam hou dus wsk. verb. m. Na. //khou- en bet. "olie" (Nien HOTT s.v. *kou=boom*); v. ook *kaambessie*, *noupit*, *oliepit*.

**koud**: pred. vorm v. b.n.w. wat teenst. v. "warm" te kenne gee; attr. vorme is *kou/koue*, hou verb. m. **kou** II, d.w.s. m. Ndl. *koud/koude* (Mnl. *cout*), Hd. *kalt*, Eng. *cold* en verderop m. Lat. *gelidus*, "koud" en *gelu*, "ryp", Gr. *gelandron*, "skerp koue".

**kougoed**: 1. iets om te eet/kou; 2. pln. v. **kanna** II, **eikanna**.

? **koukind**: (dial. v.) jongste kind, troetelkind (vWiel 168); hou dit misk. verb. m. Na. */kou*, "zu ende gehen, am ende sein" (Kroen 214a)? By vWiel t.a.p. *kau-kind*.

**kous** I: onderbeenbekleding; Ndl. *kous* (Mnl. *couse*), ontl. via Pik. *cauce* (= Ofr. *chauce* = Fr. *chausse*) of direk uit Ll. *calcia* (verb. m. Lat. *calx*, "hak (v. voet)", *calceus*, "skoene"); vgl. dVri J NEW i.s. taalkaart.

**kous** II v. **handkous**.

**kouter**: ysterblad aan ploegskaar; Ndl. *kouter* (Mnl. *couter*), in Romeinse tyd ontl. aan Lat. *culter*, "ploegmes" (misk. via Ofr. *coltre* (Fr. *coudre*)).

**kouterbos**: by vWiel (113, 130) as pln., ook bek. as *klaaslouwbos* (Mar 49, 52 en 130) v. *spp. Athanasia*, fam. *Compositae*; wsk. verb. m. **kouter** maar in dial. toep. (bv. Vl. by Schue 284) in bet. "bewerkte grond" (reeds by Kil *kouter/kauter*, "ager, campus, terra arata", d.w.s. "geploegde aarde"), eint. bos(sie) wat by die akkerbou lastig is, soms dial. deur byg. aan *boutkouterie* (*spp. Gasteria*, fam. *Liliaceae*) *boskouterie* genoem.

**kouterie**: pln. (*spp. Cotyledon*, fam. *Crassulaceae*), v. **boutkouterie** hierbo, asook **honde-varkore**, **ouko(e)**.

**koutjie**: soort "bruin klipmuis" (vWiel 169); hou wsk. verb. m. Na. *!kou-s*, "die spitzmaus" (Kroen 217b); met Afr. dim. *-tjie*.

**kouvoël**: — *keeu-/koo-* naas *tjoe-/tjok(ker)-, 'tjoo-/tjou-* — + *-arend* of *-(bek)voël*, ook bek. as *berghaan*, *lammervanger*, *roofarend*, o.a. gedok. by Pet A; vWiel (54, 55, 56, 106, 173, 183, 189, 203)

en Robs (52, 58, 59) en geïd. as *Aquila rapax*, *A. senegalla*, *Gypaetus meridionalis* en *Terathopus ecaudatus*, almal fam. *Aquilidae*; name m. anl. *k-/tj-* wsk. kn. van skreeugeluid en/of klappgeluid v. vlerke, maar tog opvallend is assos. v. (*lammer*)vanger m. Hott. wd. v. “vang”, by Lic *t<sup>1</sup>koo* of *t<sup>2</sup>koo*, vir Kor. opgegee as *!cho* (by Bour), *!kō* (by Eng J S) en *!χō* (by Mein KH) en vir Na. as *!kho* (by Rust), vgl. Nien HOTT s.v. *hou, neem, vang*; vgl. Scho PD 84.

**kraai I:** ww., geluid maak soos (veral) haan, maar ook vrolike kindertjies; jou beroem op (bv. *koning kraai*); Ndl. *kraaien* (Mnl. *cra(e)yen*), Hd. *krähen*, Eng. *crow* (vgl. ook *croak*), wsk. kn.

**kraai II:** ’n voëln. (*spp. Corvus*, fam. *Corvidae*); Ndl. *kraai* (Mnl. *cra(e)ye*), Hd. *krähe*, Eng. *crow*, hou verb. m. **kraai I**; v. ook **raaf**.

**kraai III:** in uitdr.: *kind nog kraai hê*; Ndl. *kind noch kraai hebben* (eers 17e eeu), in Mnl. lui dit: *kint no craet*, en oor herk. en verkl. van lg. tot nog toe geen uitsluitel nie.

**kraaibek** v. **papegaavis, snoekgaljoen**.

**kraaibos:** pln. (*Rhus crenata*) vlgs. Thun so genoem n.a.v. kraaie se voorliefde v. bessies daarvan (Scho PD 68–9), vlgs. Mar egter **kraaibessie** (*spp. Rhus* — waaronder ook *crenata* —, fam. *Anacardiaceae*, maar ook *spp. Royena*, fam. *Ebenaceae*); v. ook **kritikom, wildeappelkoos**.

?+**kraaivleis:** pronkperd (Scho TWK 14, 4, p. 190, met vb. uit 1890).

**kraak:** “bars”, gew. in Afr. as Angme. (Eng. *crack*) beskou, maar Scho (TWK/NR 7, 2, p. 9–10) wys op herhaalde gebr. d. Trig; vgl. ook gebr. v. dim. *krakie* i.v.m. voedsel, veral vleis, wat nie meer goed/reg is nie; mntl. in Ndl. dial. maar nie gedok. nie.

**kraal I:** dim. *kraaltjie/kraletjie*, versiersel; Ndl. *kraal/koraal* (Mnl. *c(o)rael*) uit Ofr. *coral* (Fr. *corail*) of direk uit Ll. *corallus* uit Lat. *coralium*, Gr. *koralion* — i.s. el. v. vok. tussen anl. *k* en *r* v. Ndl. *krant* en Afr. *kraf(fie)*.

**kraal II:** dim. *kraaltjie*, 1. beperkte, omheinde ruimte vir beskerming v. vee; 2. inboorlingstat; die gebr. d. vRieb in albei bet. en d. Val (± 30 jaar later) in bet. 2. maak oorerwing uit Ndl. *kraal* (vroëer ook *koraal/coraal*, by vRieb *corael/crael*) uit Port. *curral* hoogs wsk., vgl. ook Kloe HGA (282, 316, 325, 329), hoewel Scho (TWK/NR 7, 2, p. 10) 1673 as vroegste datg. v. bet. 2. meld.

**kraalbessie** v. **bidbessie, ghoemsie(bessie), minnaarsboontjie, paternos-tertjie**.

**kraalbos:** pln. (*Galenia africana*, fam. *Aizoaceae*), vlgs. Thun so genoem n.a.v. gebr. vir maak v. veekrale (Scho PD 67).

**kraaltjestaan:** “in ’n kring staan” (*kraaltjestaan* uit 1872 by Scho TWK 14, 1, p. 20), hou wsk. verb. m. **kraal** II.

+**kraanoog:** braakneut (*Nux vomica* v. *sp. Strychnos*, fam. *Loganiaceae*), so genoem na die voorkoms v. d. saad en ong. 1846–8 bek. aan J. M. Orpen (*Rem. o. Life i. S.A.*, heruitg. 1964, p. 30).

**kraanvoël:** voëln. (*spp. Grus*, fam. *Gruidae*); Ndl. *kraan* (Mnl. *crane*), Eng. *crane*, Hd. *kranich*, verw. aan Lat. *grus* en Gr. *geranos* — opvallend in Ndl. is *vogelkraan/kraanvogel*, vgl. Afr. *volstruis* -- Ndl. *vogelstruis/struisvogel*.

**krabbetje:** — *krawwetjie* —, ooring met pendant, gew. mv. en in ss. *oor-*; reeds in vRieb se testament as *crabbootjen* (GMS 240); uit Mal. *k(e)raboe*, wsk. uit Port. *cravo* (Schu KS IX 127; Vet OW 186, vWel VAH 322).

**kraf:** gew. dim. *kruffie*, (versierde) drankfles; Ndl. *karaf/kraf* (na Kil), Hd. *karaffe*, Eng. *carafe*, Fr. *carafe*, It. *caraf(f)a*, Sp. *garrafa*, gaan terug op Arab. *garrāfa*, “fles”, en hou blb. verb. m. ww. *garafa*, “skep”.

**kramakranka** v. **koekmakranka**.

**kramat:** heilige graf (v. Sjeik Josef); Mal. *karamat*, o.a. “heilige graf.”

**krans** I: (beperkte gebr.) “saamgesnoerde groep” (bv. *kinderkrans*); Ndl. *krans*, veral in bet. “snoer”. bv. v. blare, blomme, sierade, ens. (Lmnl. *crans*), uit Lohd. *kranz*, by Kil as *krants*, hou misk. verb. m. *kring*, maar verw. hoërop onseker.

**krans** II: steil rots, rotskring; v. dies. herk. as **krans** I, maar wsk. d. Hd. *kranz*, in bet. “rotsmuur” beïnv., terwyl dit vlgs. NED (in 1834) as *kran(t)z* in hierdie bet. uit S.A. in Eng. oorgegaan het. Kloe (HGA 36) neem aan dat *krans* via Ndl. leenw. uit Duits is (“in niet-overdrachtelijke betekenis”), maar die vraag is watter bet. “oordragtelik” is en waar dit begin het.

**krat:** verpakkingshouer van latwerk; Ndl. *krat* (Mnl. *cratte*, “gevluchten mat, wagenkorf”), Hd. *krätze*, “korf”, Eng. *crate* (sedert 1526), maar blb. eers later in bet. “basket or hamper of wickerwork” en dan (sedert 1688) as “any case or box of open bars or slats” (NED wat verb. soek m. Lat. *cratis*, “hurdle”); vgl. ook **hortjies** en **karet** I.

**krawwetjie** v. **krabbetje**.

**krediet:** (alg.) „eer, goeie reputasie” (mntl. ’n Angme. na vb. v. Eng. *credit*); maar sommige bankiers, rekenmeesters, ens., gebr. dié term ook vir “toegestane bedrag bo bestaande bates”, so ong. by vRieb *crediet* (d.d. 26.6.1656), maar elders gebr. hy ook *credit* (v. **kredit**) in dies. bet., dog Ndl. *crediet/krediet* ong. soos in Afr (vgl. WNT VIII 128).

**kredit:** sommige bankiers, rekenmeesters, ens., gebr. dié term vir “bestaande batige saldo”, by vRieb *credit* soms — *crediet*, maar sy gebr. v. *credit* (d.d. 5.10.1655) sou opgevat kan word as in ooreenkoms m. die huidige gebr. om tussen *krediet* en *kredit* te ondersk.; albei vorme is egter v. dies. herk., nl. via Fr. *crédit* uit It. *credito*; *krediet* en *kredit* dus eint. doeb. in Afr.

**kremetart:** gesuiwerde wynsteen; Ndl. *kremetart/krimmetart* (nie in WNT en Ndl. etim. wdb. deur ons geraadpleeg nie), blb. volksn. v. *cremortart*, op sy beurt weergawe v. geleerde (aptekersterm?) Lat. *cremor tartari*, soos Eng. *cream of tartar*, waarvan lg. verb. hou m. Fr. *tartre* uit Lat. *tartarum*, misk. v. Arab. herk.

**kremetartboom** v. **kremetart** en **baobab**.

**kring** v. **kring** II.

**krenk:** aanstoot gee, gevoelens kwets, grief; Ndl. *krenken* (Mnl. *crenken/crinken*, “benadeel, skade berokken”), Mned. *krenken*, “siek/swak maak, verneder”, hou verb. m. *krank*, “siek”.

**kreanterig:** suinig; Ndl. *kreanterig/krentig* (betr. laat), hou verb. m. Ndl. *krent*, Afr. *korent/korint*, gesê v. iemand wat “tot in kleinigheidjies inhalig/suinig” is.

**kreool:** halfbloed, ged. v. blanke en ged. v. nie-blanke ouer; Ndl. *kreool*, Eng. *creole*, Fr. *créole*, Port. *creoulo/crioulo*, Sp. *criollo*, hou mntl. verb. m. Lat. *creare*, “skep, verwek” (Vet OW 89; vWel VAH 310; Hob-Job).

**kretie:** in: *kretie en pletie*. “skorriemorrie”; aan Bybel ontl., maar met onbybelse en onndl. bet., misk. onder Hd. invl. (Malh DF AS 246).

**kretin:** ’n psigofis. minderwaardige mens; Eng. (sedert 18e eeu) *cretin*, dial. Fr. *crétin*, “Christen” (Fr. *Chrétien*) en “diermens”; hou verb. m. eien. Christianus en verderop m. Lat. Christus, Gr. *Xristos*.

**kreton:** katoenstof; Ndl. *cretonne/kreton*, Eng. en Fr. *cretonne*, na d. naam v. d. vervaardigingsdorp Creton.

**kreupel** v. **kruppel**.

*krie* v. *karie*.

**kriebier:** *heuningbier*, v. *karie*.

**kriedoring:** pln. (*Lycium arenicolum* en *L. prunus-spinosa*, fam. *Solanaceae*); Hott. *krie-* (vgl. Na. //ari-s uit //kari-s (Schult 96) v. 'n *sp. Lycium*, nie nader geïd. nie).

**kriek:** huisinsek (*spp. Gryllus*, fam. *Gryllidae*); Ndl. *krekel*, dial. *kriek* (Mnl. *crekel*, by Kil *kriecker*), Eng. *cricket*, Fr. *criquet* almal kn.

**krieket:** spel; Eng. *cricket*, Ofr. *criquet*, hou mntl. verb. m. Oeng. *cryce*, "kruk, staf, stok" (Eng. *crutch*) en Mnl. *cricke/crucke* (Ndl./Afr. *kruk*).

**kriemoer** v. *karie*.

**krieogie** v. *karieogie*.

**kriesel** v. *griesel*.

**krikvors** v. *kikvors*.

**krimpsiektebos** v. *nenta*.

**kring I:** ovaal- of sirkelvormige lyn; Ndl. *kring* (Mnl. *crinc*), Hd. *kring* — hoof. NNdl., nog nie by Kil nie en hou misk. verb. m. *krans*, maar geen verw. buite Germ. nie.

**kring II:** — *kreng* —, "aas; smeerlap"; Ndl. *kreng* (Mnl. (veral Holl.) *crenghe*, "dooie dier", by Kil as *krenghe*, as Holl. en in bet. "cadaver"), wsk. verb. m. Mnl. *cronghe/crongie* uit Pik. *carogne* (Fr. *charogne*) uit Ll. *caronia* en verb. m. Lat. *caries*, "ontbinding, verrotting"; misk. ook verb. m. Oeng. *cringan*, "in die stryd sterf" en met Eng. *cringe*, (fig.) "kruip".

**kringgatbok** v. *waterbok*.

**krink:** 'n voertuig (veral 'n wa) laat swenk; Ndl. *krengen*, "draai" (veral in ouer seemt.: "n skip op sy kant draai vir herstelwerk") — reeds Mnl. *crenghen*, (kous.) "laat draai", *cringhen*, "draai, omdraai"; hou verb. m. **kring I**.

**krinoliën:** stywe voeringstof; Ndl. *crinoline/krinoline*, Eng. en Fr. *crinoline* (Fr. *crin*, "(perde)haar", uit Lat. *crinis*, "haar", en *linum*, "(vlas)draad") — in Ndl. vroeër: "stywe onderrok om onder hoepelrok te dra".

**krioel** v. *kerjoel*.

**krip I:** eetbak vir vee (fig. ook v. mense); Ndl. *krib/kribbe* (Mnl. *crebbe/cribbe*), Hd. *krippe*, Eng. *crib*, wsk. verw. aan *korf* en ouer bet. ong. “mandjie, vlegwerk”, maar mntl. ook ander verb. d(Vri J NEW).

**krip II:** swart kledingstof (vir roudoeleindes); Ndl. *krep/krip* (sedert 16e eeu), Eng. *crape*, Fr. *crêpe* (vgl. *crêpe de Chine*) — Ofr. *crepe*, Eng. *crisp*, uit Lat. *crispus*, “gekartel, gekrul”.

**krip III:** — *kript* — , Ndl. *crypt(e)*, nog nie by Kil nie, Eng. *crypt*, Fr. *crypte*, Lat. *crypta*, Gr. *kruptê*, “ondergrondse gang”, hou verb. m. Ndl./Afr. *grot*, Eng. *grot(to)*, Hd. *grotte*, Fr. *grotte*, It. *grotta*.

+**kris:** — *krits* — , dolk; Ndl. *kris* (ouer vorme *crits/krits* — al by vLin), uit Jav. *k(e)ris*, wu. Port. en Sp. *cris* en Ang.-Ind. *crease/creese/cris* — Hd. *cris* wsk. via Ndl. of Eng. (Vet OW 338; vWel VAH 323; Hob-Job en Lok s.v. *këris*).

**krisant:** aster, blom- en pln. (*spp. Chrysanthemum*, fam. *Compositae*); Ndl. *chry-/kryasant* (blb. sedert 18e eeu), Eng. *chrysanthemum*, Fr. *chrysanthème*, Lat. *chrysanthemum* uit Gr. *χrusanthemon* (*χrusos*, “goud”, en *antheon*, “blom”).

**krismisroos v. hortensia.**

**kristaldruive:** bep. druives.; wd. blb. nie in Ndl. bek. nie, nie in WNT nie, hoewel reeds by Val (vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 10).

+**kritikom:** (dial. v.) vrug- en pln. (*spp. Royena*, fam. *Ebenaceae*), ook bek. as *kraaibessie*, *kraaibos* en *wildeappelkoos*; wsk. Hott., maar tussen *kritikom* en vroeër gedok. ben. daarvoor (bv. *na-reeree*, *kalouwe-p* en *kanobe* (vgl. Na. *!ganube*) is klaarblyklik geen etim. verb. nie, dog misk. aansl. by Na. *gorada-b*, “kraai=boom”, tensy dit nouer aansl. by *gora-ti* (vr. mv. v. *gora-b*, “kraai”) en Na. */gom-s*, “bos” (v. Nien HOTT s.v. *kraaibos*, *kraai* en *wildeappelkoos*).

**krits v. kris.**

**croep:** strottehoofvernuing (met hoes) by kinders; Ndl. *croep/croup* (Lmnl.), soos Eng. *croup* (via Sko. *croup*), uit Fr. *croup*, kn. v. hoesgeluid.

**kroesbossie:** struiks. (*Muraltia rubeacea*, fam. *Polygalaceae*), onder dié fam. nog ander *bossies* en ’n *bessie*, maar nie die bek. *kruis=bessie* (*Grewia occidentalis*, fam. *Tiliaceae*) nie, hoewel *oe/ui* in Ndl. en Afr. meer voorkom, en ook die Ndl. *kroesbezie* en *kruis=bezie* blb. nie dies. is nie; hou *kroesbossie* misk. verb. m. Ndl. *kroes* (Mnl. *croes/cruus*, by Kil *croesen*, “krulle”)?

**krok:** gew. voorafgegaan d. *ou*, “afgeleefde/afgewerkte men, of dier”; Eng. (“sleng”) *crock*, wat wsk. verb. hou m. Eng. *crack*, Ndl./Afr. *kraak* (in Mnl. bet. v. *kraecke*. “afgetakelde dier of ding”).

**kroket:** gew. dim. *kroketjie*, frikkadelletjie (in deeg); Ndl. *croquet*/*kroket*, Eng. en Fr. *croquette* (verb. m. Fr. ww. *croquer*, “kraak”).

**krokodil:** diern. (*spp. Crocodylus*, fam. *Crocodylidae*); Ndl. *krokodil* (Mnl. *crocodil/cocodril*), soos Eng. *crocodile* (in sprt. soms *croc*), via Fr. *crocodile* (misk. oor Ll. *cocodrillus*) uit Lat. *crocodilus*, Gr. *krokodeilos*, “soort akkedis”; (maar ook) “krokodil v. d. Nyl”.

**kros v. karos I.**

**krot:** dim. *krotjie*, ellendige woninkie; Ndl. *krot* (sedert 17e eeu — WNT VIII 379 gee vb. uit Westerbaen), verw. onseker — vHae meen kontamv. v. *kot* en *krocht*, terwyl dVri J NEW kontamv. v. *kot* en *krat* aanneemliker vind.

+**krotjie:** pln. (vgl. Scho PD 94 op gesag v. Mey E C is dit *Brachystelma micranthum*), hou dit verb. m. Heuk (237) se *krod(de)/krode/krot* (*spp. Sinapis*, (blb.) = *spp. Brassica*, fam. *Cruciferae*)? indien nie, dan moet vraag na herk. voorlopig onbeantw. bly.

**kroukie:** spel; Ndl. *croquet* uit Eng. *croquet*, wu. dit in Afr. gekom het; hierdie Eng. wd. wsk. uit NFr. vorm v. Fr. *crochet*, dim. v. *croc* (uit Ll. *croccus*, “haak”) wat in Eng. *crotchet* opgelewer het.

**kruisbessie v. kroesbossie.**

**krummel:** “kriesel” (veral v. allerlei gebak), soos Ndl. *kruimel*/*krummel*, eint. dim. v. *kruim*/*krum* (blb. alleen dial. in Afr. bek.); Ndl. *kruim* (Mnl. *crume/cruum/crome*, by Kil *kruyme*, by vRieb *cruymelbeschuyt*), Hd. *krume*, Eng. *crum(b)* (die ww. *crumble* hou wsk. verb. m. die dimv.) naas Ndl. *kruimel*/*krummel* (lg. veral dial.), verderop verw. aan Lat. *grumus*, “grond(hoop)”, Gr. *grume(i)a*, “afval” — oor gesegde: *krummels wil brood word*/wees by Mans (KHI s.v. *brood*) v. Scho TWK 14, 4, p. 190–1.

**kruppel:** — (fig. soms) *kreupel* — , “mank”; Ndl. *kreupel* (Mnl. *cropel/crepel*), Hd. *kriippel*, Eng. *cripple*, hou verb. m. Ndl./Afr. *kruip(en)*.

**krupsie:** gew. mv. *krupsies* (soos in verbg. v. sinon. *krupsies en kwale*), “aanstellings; kwale”; Ndl. *krupsie(s)*, dial. *krips(i)es/krupsies*, uit Ndl. *corruptie/korruptie* uit Fr. *corruption* uit Lat. *corruptio* (*cor-* deur ass. uit *con-* + ww. *rumpere*, “breek”).

**kry:** “vind”; Ndl. *krijgen*, in beperkter toep. v. “vind wat weg was en gesoek word” (vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 10 i.v.m. gebr. by Wik en Trig); Mnl. *crighen*, wsk. na vb. v. Pd. en Hd. dial. sonder voorv. (vgl. Ndl. *verkrijgen* en Afr. *verkry*); hou wsk. verb. m. Ndl. *krijgen* (Mnl. *crighen*, by Kil *krieghen*) in bet. “oor=log/stryd voer”.

**kuddel:** — *kuttel* — , harde uitwerpsel v. diere (bv. v. bokke en skape), drol(letjie), by Trig *keutel* (1Ro T DLT 243); Ndl. *keutel* (Mnl. *cotel/cuetel*, dial. *keutel(e)*, in Du. (veral Pd.) dial. *kötel/köttel/kottel*, by Kil *keutel*), hou verb. m. Ndl. *koot*, “gewrigs=knobbel” (in bet. = Afr. *dolos*).

**kuier:** 1. “besoek aflê”; 2. “loop” (in verbg.: *op en neer kuier*); Ndl. *kuieren*, 1. “loop”; 2. “’n praatjie maak” — in Ndl. dial. soms moeilik tussen Afr. bet. 1. en Ndl. bet. 2. te ondersk., bv. in Boek (ZV s.v. *kuieren* I): “Kom nag (*nog*) eres ’en uurtje kuieren”; vgl. verder Scho TWK/NR 7, 2, p. 10–11, met vb. uit 18e en 19e eeu en vgl. v. ontw. v. bet. by Ndl. *wandel(ing)*.

**kuifkopvink v. swie.**

**kul I:** ww., “bedrieg”; Ndl. *kullen* (nog nie by Kil nie) gew. as plat beskou, in Afr. nie, selfs in kontamv. *verkul* gebr. deurdat *kul* te “kleurloos” is en *verneuk* te “ru” en geen verb. m. **kul II** meer gevoel word nie; vgl. Frank TB 197, 204 No. 41.

+**kul II:** (ouer gebr.) “*penis*”; “teelbal”, bewaar in volkset. vorm *kuil* in ss. soos *kafferskuil*, *papkuil* uit *papekul* (*spp. Typha*, fam. *Typhaceae*) en ook i. vorm *kul* i. *kulkaros*, “deurtrekker”, d.w.s. velletjie om manlike skaamdele te bedek (soos by Kol P) en nog as simp. *kul* ten tyde v. Thun bek. v. *jakkalskos* (*Hydnora africana*, fam. *Hydnoraceae*); Ndl. *kul* (Mnl. *cul(le)*, by Kil *kul*) en dial. in bet. “*penis*”; “teelbal”; “saadbolletjie(s) v. plante”; “knikker”.

**kulwert:** duiker, (soms) duikweg; Eng. *culvert*, misk. verb. m. ouer Fr. *colouere* (Fr. *couloir*), “gang, geut, kanaal” (ww.- *couler*, “vloei”, uit Lat. *colare*, “filtreer”).

**kurang:** — *kuring/kierang/koerang/tjurang/tjoerang* (by Cha) — , s.nw. en ww., “bedrieg/bedrog” (veral by spel); d. Mans (KHI s.v. *kurang/tjoerang*) afg. v. Mal. *tsjoran*, deur Schu KS IX 92 i.v.m. *koerang/kurang* aangevul, d. Hes HA<sup>1</sup> 94 en HA<sup>2</sup> 84, s.v. *koerang* as I(nd.) en d. Malh DF AS 248 as Mal. *tsjoran* aanvaar, intussen d. Bosh VT 271 op Fri. *koerang*, “gebrek” (Dijk 80) gewys — in geraadpleegde Mal. wdb. nie vorm *tsjoran* gevind nie, wel *koerang* (blb. m. hoë frekw.) in versk. bet., o.a. “afneem, gebrek aan, haper, leemte, ontbreek, tekortdoening, te=kortkoming, vermindering”, asook “oneerlik”, en dit lyk aan=

neemliker herk., maar laat Dijk se Fri. *koerang* nog onverkl., tensy dit (wat onwsk. is) v. dies. herk. is. Van belang is dat Odendal (TG, Jun. 1966) sowat 'n jaar na ons vanself ook tot ong. dies. gevolgtrekking as ons gekom het.

**kurper:** viss. (te ondersk. v. *karp(er)*); in S.A. Eng. *kurper* (by Barn 76–80, 160–5) vir o.a. *Sandelia capensis*, *Serranochromis thunbergi* en *spp. Tilapia*; herk. onbek., hoewel blb. ten tyde v. vRieb bek. as *kurper* in bet. v. *karper* (Kloe HGA 116 en voetnoot) en by Opp 3 as *kurreper*/*kurrepel* = Mnl. *carper*.

**kus I:** mv. *-te*, “strand”; Ndl. *kust* (Mnl. *cost/coste*) wu. (17e eeu) Hd. *küste*, gaan soos Eng. *coast* (Meng. *coste*) terug op Ofr. *coste* (Fr. *côte*) via Ll. *costa*, “kant, sy”, uit Lat. *costa*, “rib”.

**kus II:** mv. *-se*, (boekw.) “soen”; Ndl. *kus* (meer na suidoostelike streke toe), elders *zoen*, ens. (Mnl. *cus/cusse*), Hd. *kusz*, tans *kuss*, Eng. *kiss*, herk. hoërop onseker (vgl. dVri J NEW); hierby ww. Ndl./Afr. *kus(sen)*.

**kus III v. kies II.**

**kuskusgras:** grass., ook bek. as **akkerwanie** (q.v.) en *motwortel* (*Cymbopogon marginatus*, fam. *Gramineae*); Eng. (veral Am.–Eng.) *cuscus*/*kuskus*/*kuskos*/*khuskhus* uit Hind. *khas-khas* (*Andropogon squarrosus*, fam. *Gramineae*).

**kuttel v. kuddel.**

**kwaad:** beantw. as s.nw. (“euwel; onreg; siekte”) aan Ndl. *kwaad* (Mnl. *quaet*, Ohd. *quāt/chwāt*, Oeng. *cwēad*, almal in bet. “drek”) en as pred. gebr. b.nw. (“boos, toornig”) aan Ndl. *kwaad* (Mnl. *quaet*, Mhd. *quāt*, Meng. *cwēd*, almal “boos, sleg, toornig”); as attr. vorm nog *kwade* (in geykte uitdr. soos: *die kwade dag*), anders *kwaai*, wat in Afr. in teenst. m. *kwaad*, “tydelik toornig”, 'n blywende eienskap aandui, behou in kompo. soos *kwaai-vriende*, *kwaai-vriendskap* en in redukv. in *kwajong*; vgl. ook Scho TWK/NR 7, 2, p. 11 i.s. *kwaai*.

**kwagga:** antiloops. (*Hippotigris/Equus quagga*, fam. *Equidae*), vroeër bek. as *wildeperd*, (soms) ook as *wilde-esel* en dan (selfs tot baie later) verwar m. *sebra* (q.v.), ook bek. as *wilde-esel* (*Hippotigris zebra*, fam. *Equidae*) — oor verwarring vgl. o.a. Scho PD 34–5, 44 en Nien HOTT t.a.p. hieronder —, uit Hott. (verb. m. Boes. /*kwakka*) waar dit blb. kn. was en waarvan ons reekse (spelling)benaderings in ou geskifte (van kort na die mid. v. d. 17e eeu tot aan die jare dertig v. d. 19e eeu by Trig) vind (Nien HOTT s.v. *esel*, *kwagga* I–IV, *kwaggahings/-merrie* en *wildeperd* I–IV).

**kwakkel** v. kwartel.

+**kwalk** v. verkwalik.

**kwansuis**: by vRieb *quansuis*, by Trig *kwansuis*; v. verder **konsuis** en **kwasie**.

**kwar**: dwergagtige (onvolgroeide) mens, dier of ding; Ndl. *kwar*, na bewering wsk. 'n “jong” wd., misk. ontst. deur kruising van 'n wd. soos *kwab/kwast* met 'n ander soos *knor/knorf*; v. ook **ghwar**.

**kwarrelsaad**: saad- en pln. (*Phalaris canariensis*, *Lepidium africanum*, albei fam. *Gramineae*), uitheemse plante wat hier ged. wild geword het, ook bek. as *kanariesaad* en in Eng. as *canary grass/seed*; hou dit verb. m. Ndl. *kwarrel/-achtig/-ig* en **kwar** (q.v.) in bet. “klein” en bet. dit “fyn saad”? of is dit 'n vervorming v. Ndl. *kanariezaad* (WNT VII 1220–1)?

**kwarrie** v. **ghwarrie** I en II.

**kwartel**: — *kwakkel* — , patryss. (*Coturnix coturnix africana*, fam. *Perdidae/Phasianidae*); Ndl. *kwartel/kwakkel*, albei wsk. ontln. aan Rom. tale en deurengeloop, ook m. Ndl. *wachtel* (Mnl. *quackel/quackele* en *quattele*), Hd. *wachtel*, Eng. *quail*, Fr. *caille* (Ofr. *quaille*), It. *quaglia*, uit Ll. *quaquila/qualia/qualea/quacara/quacula*, wat almal direk of indirek verb. hou m. Lat. *coacula* en kn. is.

**kwasie**: konsuis, kwansuis; Ndl. *quasi/kwasi* (sedert end 17e eeu) uit Lat. *quasi* uit ouer *quansei* uit *quamsi*, “asof”, v. **konsuis** en **kwansuis**.

**kwasiorkor**: siektetoestand t.g.v. ondervoeding en/of wanvoeding; Gha. *kwashiorkor*, “een-twee” of “eerste-tweede”, d.w.s. as die tweede kind gebore is, begin die eerste aan ondervoeding te ly (TDD 10–11 en Web).

**kween**: onvrugbare dier (meer bep. koeie en merries; by bok- en skaapooie word gew. v. **gus** (q.v.) gepraat), so o.a. by Trig (1Ro T DLT 245); Ndl. (begin 17e eeu) *kween*, o.a. “onvrugbare koei” (by vRieb (mv.) *queen*; vroeër ook “onvrugbare vrou”, soos in Mnl. *quene*), Eng. (veroud.) *quean* ter ondersk. teenoor *queen* — hierdie gebr. v. *kween* gaan terug op Gr. *gunê*, “vrou”.

**kwê-kwê**: voëls. (*Camaroptera brachyura*), wsk. kn., soos **kwêvoël** (q.v.).

**kweper**: vrug- en pln. (*Cydonia vulgaris*, fam. *Pomaceae*); Ndl. *kweeper/kweeappel* (Mnl. *que(de)*, by vRieb *quee*, (mv.) *queen*),

verw. aan Eng. *quince* uit Fr. *coing* en gew. verb. aanvaar m. Lat. *cydōnia* uit Gr. *kudōnia*, “kweperboom”, en *kudōnion mēlon*, “appel v. Kudonia” (Cydonia), ’n stad v. Kreta, maar heelwat i.s. aard v. samehang en ontw. nog duister.

**kwes:** — (fig.) *kwets* —, ww., “wond”; Ndl. *kwetsen* (Mnl. *quetsen/quessen*), Hd. *quetschen* — daar is besware teen afl. v. Ofr. *quassier* (uit Lat. *quassus* uit *quatio*, “(ek) slaan”) of v. Ofr. *coissier*, “kwes” (uit Lat. *coctiāre*) en toestand bly duister t.g.v. deureen=loop v. Germ. en Rom. vorme en bet.; v. **kwetsuur**.

**kwetsuur:** s.nw., “wond”; Ndl. *kwetsuur* (Mnl. *quetsure*, by vRieb *quetsu(y)ren*), misk. uit Ofr. *quassure*, “verwonding” of kontamv. v. Ndl. *kwets* en Fr. *blessure*, wat albei “wond” bet.; v. ook **kwes**.

**kwêvoël:** voëls. (*Corythaix(oides) concolor*, word blb. onder die loeries ingedeel by *spp. Turacus*, fam. *Musophagidae*), naam kn., vgl. **kwê-kwê**.

**kwik:** eint. verk. v. *kwiksilwer*; Ndl. *kwik* en *kwikzilver* (Mnl. *quicsilver/quessilver*), Hd. *quecksilber*, Eng. *quicksilver*, oorspr. as vert. v. Ll. *argentum vivum*, (lett.) “lewendige silwer”, eerste lid *kwik* (Mnl. *quic*, “lewendig”), Eng. *quick* (Oeng. *cwic(u)/cucu*, “lewendig; dier”, eint. *cucu neat*, mv. *cucu nietenu*, “lewendige diere”, vgl. Eng. *the quick and the dead*), Got. *qius*, “lewendig”; hou verb. m. Lat. *vivus*, “lewendig” en *vivere*, “lewe”, Gr. (s.nw.) *bios*, “lewe”, (ww.) *biomai* en *bioō*, “ek leef”; een v. d. “elemente” (Simbool Hg).

**kwikstertjie:** voëls. (*Motacilla vidua*, fam. *Motacillidae*); Ndl. *kwikstaart* (reeds by Kil *quick-steert*), hou verb. m. *kwik* hierbo en ben. n.a.v. lewendige beweging van sy stert(jie), soos al deur Kil verduidelik en ook blyk uit sy Eng. ben. *wagtail*.

+**kwispedor:** (outydse) “spuugbakkie”; Ndl. *kwispedor* (vroeeër *quispedoor*), gedurende d. 17e eeu i.d. Ooste oorgeneem uit Port. *cuspidor*, wat verb. hou m. Lat. *conspuere*, “spuug op” — in Am.-Eng. is *cuspidor(e)* sedert end 18e eeu bek.

**kworum:** minimum getal aanwesige lede om ’n vergadering wettig te maak; intern. wd., meest. nog in Lat. vorm *quorum*, “van wie”, d.w.s. ’n liggaam het soveel lede *van wie* soveel aanwesig moet wees . . . (Lat. *quorum* gen. mv. v. betr. vnw. *qui*).

**kwota:** toegekende eweredige deel; Ndl. *quota*, eint. intern. wd., via Ll. *quota* uit Lat. vr. vorm v. *quotus* uit formule: *quota pars* . . . “watter deel . . .”?

**kwyt** v. **kiets**.